Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom aan die US



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

1 Januarie 2023

# Beskerming en Kommersialisering van Intellektuele Eiendom aan die US

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Doel:** | Om die aanduiding, beskerming en kommersialisering van intellektuele eiendom aan die Universiteit Stellenbosch te reguleer en daarvoor te voorsien, in die besonder wanneer dit spruit uit die onderrig-en-leer- en/of navorsing-en-ontwikkelingswerksaamhede wat aan die Universiteit verrig word, ooreenkomstig die toepaslike regulerende en wetgewende raamwerk |
| **Goedkeuring:** | Universiteit Stellenbosch Raad |
| **Datum goedgekeur - eerste beleidsdokument**<br>**Datum goedgekeur - tweede beleidsdokument**<br>**Datum goedgekeur - derde beleidsdokument** | Desember 2004<br>Desember 2010<br>November 2022 |
| **Implementeringsdatum:** | 1 Januarie 2023 |
| **Vorige weergawes:** | Eerste beleidsdokument, inwerkingtreding – Januarie 2005<br>Eerste beleidsdokument, aangepas – Februarie 2010<br>Eerste beleidsdokument, hersien – 2010<br>Tweede beleidsdokument, inwerkingtreding – Desember 2010<br>Tweede beleidsdokument, hersien – 2021<br>Derde beleidsdokument, inwerkingtreding - 2023 |
| **Eienaar:** | Uitvoerende Bedryfshoof |
| **Kurator:** | Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering |
| **Sleutelwoorde:** | aanduiding, beskerming, IE-bydraers, intellektuele eiendom, kommersialisering en voordeelverdeling, konsultasie, kontraknavorsing, kopiereg, navorsing en ontwikkeling, openbaar befondsde, openbaarmaking, personeel, studente, uitvindings, volkoste, Wet op IE-regte |
| **Geldigheid:** | Die Engelse weergawe van die beleid is operatief, en die Afrikaanse weergawe is die vertaling |

# BELEID OOR DIE BESKERMING EN KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

**INWERKINGTREDINGSDATUM: 1 JANUARIE 2023**

# INHOUDSOPGAWE


**DEEL 1 WOORDOMSKRYWINGS**

**DEEL 2 US-BELEID RAKENDE INTELLEKTUELE EIENDOM**

**2.1 Inleiding tot die Beleid**
**2.2 Toepassing van die Beleid**
2.2.1 Algemeen
2.2.2 Nuwe IE
2.2.3 Konsepte met sakepotensiaal
2.2.4 Navorsing en kontraknavorsing
2.2.5 Kortkursusse
2.2.6 Handelsmerke
**2.3 Doel en oogmerk van die Beleid**
**2.4 Beleidsbeginsels**
**2.5 Konflikbeslegting**
**2.6 Kurators van die Beleid**
**2.7 Vorms en Ander Ondersteunende Dokumente**

**DEEL 3 EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM**
**3.1 Personeel**
3.1.1 Algemeen
3.1.2 Kopiereg
3.1.3 Bepalings rakende uitvindings, ontwerpe, planttelersregte en kundigheid
3.1.4 Navorsing, kontraknavorsing en konsultasie deur die US
3.1.5 Regeringsregte
3.1.6 Privaat konsultasiewerk
3.1.7 IE wat in werknemers van die US setel
3.1.8 Kontrakwerkers
3.1.9 Werkers op 'n gesamentlike diensstaat

**3.2 Studente**
3.2.1 Algemeen
3.2.2 Bepalings rakende kopiereg
3.2.3 Bepalings rakende uitvindings, ontwerpe, planttelersregte en kundigheid
3.2.4 Eksterne organisasies wat beurse toestaan
3.2.5 IE wat in studente setel
3.2.6 Voorsiening vir voorafbestaande IE
3.2.7 Werkstukke, verhandelings en tesisse
3.2.8 Regeringsregte

**3.3 Buitengewone navorsers en dosente, en nadoktorale genote**
**3.4 Besoekende navorsers en dosente**
**3.5 Eksterne organisasies**
**3.6 Handelsmerke**

**DEEL 4 PROSEDURES VIR DIE BESKERMING EN KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM**

**4.1 Aanduiding van IE**




Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

4.2 Registreerbare uitvindings, ontwerpe en planttelersregte
4.3 Openbaarmaking van IE
4.4 Registrasie van patente, ontwerpe en planttelersregte
4.5 Sagteware
4.6 Oordrag en lisensiëring van IE

DEEL 5 PROSEDURES VIR DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM BY WYSE VAN AFWENTELMAATSKAPPYE

5.1 Maatskappystrukture
5.2 Dienste van die US-KTO, Innovus, aan afwentelmaatskappye
5.3 Botsende belange

DEEL 6 VERDELING VAN INKOMSTE VERKRY UIT DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

6.1 Toewysing van inkomste verkry uit kommersiële ontginning van IE
6.2 Toewysing van inkomste verkry uit kommersiële ontginning van IE in geval van gesamentlike eiendomsreg
6.3 Monetêre en niemonetêre voordele
6.4 Betaling aan IE-bydraers


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

**Beleid oor Intellektuele Eiendom aan die Universiteit Stellenbosch**

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer van hierdie dokument** | |
| **HEMIS-klassifikasie** | |
| **Oogmerk** | Om die aanduiding, beskerming en kommersialisering van intellektuele eiendom aan die Universiteit Stellenbosch te reguleer en daarvoor te voorsien, in die besonder wanneer dit spruit uit die onderrig-en-leer- en/of navorsings-en-ontwikkelingswerksaamhede wat aan die Universiteit verrig word, ooreenkomstig die toepaslike regulerende en wetgewende raamwerk |
| **Soort dokument** | Beleid |
| **Toeganklikheid** | Algemeen (intern) |
| **Inwerkingtredingsdatum** | 1 Januarie 2023 |
| **Beleidsgeskiedenis** | Eerste beleidsdokument, inwerkingtreding – Januarie 2005<br>Eerste beleidsdokument, aangepas – Februarie 2010<br>Eerste beleidsdokument, hersien – 2010<br>Tweede beleidsdokument, inwerkingtreding – Desember 2010<br>Tweede beleidsdokument, hersien – 2021<br>Derde beleidsdokument, inwerkingtreding – 2023 |
| **Eienaar van die Beleid (institusionele vlak)** | Uitvoerende Bedryfshoof |
| **Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid** | Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering |
| **Datum goedgekeur – eerste beleidsdokument**<br>**Datum goedgekeur – tweede beleidsdokument**<br>**Datum goedgekeur – derde beleidsdokument** | Desember 2004<br>Desember 2010<br>November 2022 |
| **Goedgekeur deur** | Universiteit Stellenbosch Raad |
| **Sleutelwoorde** | aanduiding, beskerming, IE-bydraers, intellektuele eiendom, kommersialisering en voordeelverdeling, konsultasie, kontraknavorsing, kopiereg, navorsing en ontwikkeling, openbaar befondsde, openbaarmaking, personeel, studente, uitvindings, volkoste, Wet op IE-regte |


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

# DEEL 1: WOORDOMSKRYWINGS

Die onderstaande terme dra, waar hulle in hierdie dokument voorkom, die betekenisse soos hier onder uiteengesit.

**UNIVERSITEIT STELLENBOSCH, US**

"Die Universiteit Stellenbosch (US)" omvat alle akademiese en nie-akademiese fakulteite, departemente en afdelings van die Universiteit sowel as alle eenhede, buro's, institute, sentrums van uitnemendheid en ander soortgelyke groeperings wat onder die vaandel van die Universiteit gestig is.

**INTELLEKTUELE EIENDOM, IE**

"Intellektuele eiendom (IE)" omvat enige breinproduk wat deur wetgewing of die gemenereg teen gebruik deur 'n ander party beskerm kan word. Dit sluit enige ontdekking, uitvinding, plantvariëteit, ontwerp, tegniek, handelsgeheim, konsep, data, kundigheid, metodologie, handleiding, materiaal, komposisie, model, databasis, rekenaarprogram, sisteem, kode, kunswerk, teks, musiek, dokument, diagram, vloeidiagram, algoritme, formule, tabel, samestelling, berekening, sigblad, skema, plan, tekening, patroon, proses en/of ander navorsingsresultate in, asook enige regte in sodanige produkte, hetsy in die vorm van 'n patent, vertroulike inligting, handelsgeheime, kopiereg, ontwerpregte of planttelersregte of enige ander soortgelyke regte, hetsy geregistreerd of ongeregistreerd. Vir die doeleindes van hierdie Beleid sluit IE egter geen handelsmerk, domeinnaam, besigheidsnaam, handelsnaam, logo of ander soortgelyke devies of merk in nie, hetsy geregistreerd of ongeregistreerd.

**BELEID OOR INTELLEKTUELE EIENDOM, BIE**

"Beleid oor Intellektuele Eiendom (BIE)" verwys na hierdie Beleid van die US wat die openbaarmaking, beskerming en kommersialisering van IE deur die US bereël, in die besonder as dit spruit uit onderrig-en-leer-, konsultasie- en/of navorsings-en-ontwikkelingswerksaamhede aan die US.

**NAVORSING EN ONTWIKKELING, N&O**

"Navorsing en ontwikkeling (N&O)" verwys na skeppende en sistematiese werk wat verrig is om tot die kenniskorpus toe te voeg – wat kennis van die mensdom, kultuur en samelewing insluit – of om nuwe toepassings van bestaande kennis uit te werk.

**WET OP INTELLEKTUELE EIENDOMSREGTE UIT OPENBAAR GEFINANSIERDE NAVORSING EN ONTWIKKELING, DIE WET OP IE-REGTE**

Die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling 51 van 2008 (die Wet op IE-regte) is wetgewing wat IE bereël wat geskep word aan Suid-Afrikaanse instellings wat openbare fondse vir hulle N&O gebruik. Dit het dus ook betrekking op die US, synde 'n instelling vir hoër onderwys en opleiding wat vir baie van die N&O wat aan die Universiteit verrig word, openbare fondse ontvang en gebruik.

**KANTOOR VIR DIE BESTUUR VAN NASIONALE INTELLEKTUELE EIENDOM, NIPMO**

Die Kantoor vir die Bestuur van Nasionale Intellektuele Eiendom (Eng. NIPMO) is ingevolge die Wet op IE-regte tot stand gebring en setel in die nasionale Departement van Wetenskap en Innovasie. Die Kantoor hou toesig oor die beskerming en kommersialisering van IE wat spruit uit openbaar


**Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.**

befondsde N&O. Die US moet oor sodanige aktiwiteite aan NIPMO verslag doen ter nakoming van die Wet op IE-regte en die Regulasies.

**REGULASIES**

"Die Regulasies" omvat die bindende regulasies, voorskrifte, riglyne en praktyksnotas wat ingevolge die Wet op IE-regte uitgereik is, hetsy deur die betrokke minister of NIPMO.

**INNOVUS KANTOOR VIR TEGNOLOGIEOORDRAG, DIE INNOVUS-KTO**

Die kantoor vir tegnologieoordrag (KTO) aan die US is Innovus. Dié afdeling is daarvoor verantwoordelik om die US se IE te bestuur, beskerm en kommersialiseer, met NIPMO te skakel, en die US se funksies en pligte ter nakoming van die Wet op IE-regte en die Regulasies te vervul.

**UNIVERSITEITSPERSONEEL EN -PERSONEELLEDE**

"US-personeel en -personeellede" sluit alle persone in wat gekontrakteer is om dienste aan die US te lewer, hetsy akademies of nieakademies van aard – onder meer alle tydelike en permanente US-werknemers, kontrakwerkers aan die US, persone wat deur ander entiteite gesekondeer is om aan die US te werk, dosente, navorsingsassistente, bekleërs van navorsingsleerstoele, buitengewone en besoekende navorsers en dosente, en alle administratiewe en steunpersoneel aan die US.

**STUDENTE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

"US-studente" sluit alle persone in wat vir 'n kwalifikasie of studiekursus aan die US ingeskryf is, hetsy voltyds of deeltyds, met inbegrip van kortkursusdeelnemers en uitruilstudente. Dit sluit egter nie studente in vir wie US-personeel as medestudieleiers optree maar wat vir geen kwalifikasie of studiekursus aan die US ingeskryf is nie.

**NADOKTORALE GENOTE, POSTDOKS**

Nadoktorale genote is PhD-gegradueerdes wat 'n toekenning of beurs ontvang het om hulle daarin te ondersteun om 'n loopbaan as akademiese navorsers te vestig. Hulle is nie US-studente of -personeel nie, maar is wel formeel aan die US ingeskryf en verbonde. Hulle verrig hoofsaaklik navorsing aan die US, maar sou ook ander akademiese aktiwiteite kon verrig, soos om klas te gee of as medestudieleier op te tree vir studente wat onder studiebegeleiding van 'n US-personeellid werk.

**BYDRAERS TOT INTELLEKTUELE EIENDOM, IE-BYDRAERS**

"IE-bydraers" sluit alle US-personeellede, -nadoktorale genote en -studente in wat by wyse van skeppende meewerking wesenlik tot die vestiging van IE bygedra het. Dit sluit uitvinders, outeurs en ander skeppers van sodanige IE in, asook instaatstellers (persone wat nie skeppend tot die innovering bygedra het nie, maar 'n andersoortige wesenlike bydrae gelewer het wat die innovering moontlik gemaak het en wat volgens ooreenkoms moet deel in die voordele wat daaruit voortvloei) en ander persone wat tot die ontwikkeling van sodanige IE bygedra het wat deur die Innovus-KTO erken word en waaroor met die skeppers van die IE ooreengekom is. IE-bydraers moet oor hulle onderskeie bydraes en hulle proporsionele waarde in die vestiging van die IE ooreenkom.

**VOLKOSTE**

"Volkoste" verwys na N&O wat volledig uit privaat bronne befonds word soos in die Wet op IE-regte en die Regulasies bepaal. Die Wet op IE-regte is nie van toepassing op IE wat geskep word op volkostegrondslag soos in die Regulasies of die Wet omskryf nie. Die presiese metode waarvolgens volkoste bepaal word, word uiteengesit in die US Beleid oor die Bepaling van Volkoste vir Navorsing


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

en Navorsingsverwante Kontrakte, wat die US ingestel het om nakoming van die Regulasies te verseker.

**KONSULTASIE**

Tydens konsultasiewerk word kennis kreatief toegepas en kan probleemoplossing plaasvind. Die oogmerk van 'n konsultasie moet egter nie wees om wesenlike nuwe kennis te skep nie, maar eerder om bestaande kennis toe te pas. Daar is twee soorte konsultasies: konsultasiewerk deur die US en privaat konsultasie. Die US doen konsultasies wanneer 'n personeellid konsultasiedienste aan 'n derde party verskaf ingevolge 'n kontrak wat tussen die US en die derde party gesluit is. Privaat konsultasie is wanneer 'n personeellid toestemming van die US bekom het om privaat werk te doen wat die personeellid se kennis aan 'n derde party beskikbaar stel, in opdrag en teen vergoeding, sonder dat enige US-fasiliteite, -infrastruktuur, ander US-personeel of US-studente betrek word. Privaat konsultasie word dus, anders as konsultasie deur die US, nie onder die vaandel van die US gedoen nie; personeellede kontrakteer daarvoor en verrig dit in hulle privaat hoedanigheid.

**KONTRAKNAVORSING**

Die oogmerk van kontraknavorsing is gewoonlik om nuwe kennis op te lewer. Kontraknavorsing word in opdrag van 'n eksterne organisasie uitgevoer, en die US se infrastruktuur sou daarvoor benut kon word. Ander personeel en/of studente van die US mag ook by kontraknavorsing betrek word. Kontraknavorsing word onder die vaandel van die US gekontrakteer en verrig, nie deur personeellede in hulle privaat hoedanigheid nie.

**VOORAFBESTAANDE INTELLEKTUELE EIENDOM, VOORAFBESTAANDE IE**

Voorafbestaande intellektuele eiendom is IE wat reeds met die aanvang van N&O- of ander kreatiewe werk bestaan en deur 'n US-personeellid of -student gebruik word vir die doeleindes van sodanige N&O- of ander kreatiewe werk. Die eienaar van die betrokke IE se toestemming word waarskynlik benodig om sodanige gebruik goed te keur en om dit moontlik te maak om potensiële N&O-uitkomste of werksresultate te kommersialiseer wat sulke voorafbestaande IE inkorporeer of op die gebruik daarvan berus.

**INWERKINGTREDINGSDATUM**

Die inwerkingtredingsdatum is die datum waarop hierdie BIE van krag raak, naamlik 1 Januarie 2023, soos op die voorblad van hierdie BIE aangedui.

**KUNDIGHEID**

Kundigheid is kennis of inligting wat waardevol en nie algemeen bekend nie is, en wat dit moontlik maak om 'n sekere kommersiële, praktiese of tegniese resultaat op te lewer. Kundigheid is dikwels aanvullend tot ander IE in die sin dat dit benodig mag word om te verseker dat die betrokke IE geslaagd toegepas, gebruik en/of in stand gehou word. Kundigheid kan die vorm aanneem van 'n metodologie, proses, praktyk, tegniek, model, volgorde, spesifikasie, argitektuur, ontwerp, protokol, prosedure, reël, roetine, logika, samehang, bedryfsmetode, ongepatenteerde uitvinding of sakekonsep.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

# DEEL 2: US BELEID OOR INTELLEKTUELE EIENDOM

## 2.1 INLEIDING TOT DIE BELEID

Die US het hierdie Beleid oor Intellektuele Eiendom ontwikkel om die Universiteit se kernwerksaamhede te ondersteun in die nastreef van die institusionele visie en strategiese doelwitte soos in institusionele Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024 omskryf; en in die missie om, in verbintenis tot die akademiese ideaal van uitmuntende vakkundige en wetenskaplike praktyk, 'n omgewing te skep en te onderhou waarbinne kennis ontdek, uitgeruil en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word. Die US is verbind tot navorsing wat tot nuwe kennis, uitvindings en produkte kan lei, en om die waarde van die instelling se kennisbasis tot voordeel van die US, IE-bydraers en die breër gemeenskap te ontsluit. Die kommersialisering van die kennisbasis en tegnologieoordrag word beskou as 'n integrale deel van die US se verpligting om kennis tot openbare voordeel aan te wend. Hierdie BIE is nie op die gebruik of ontginning van US-handelsname, -handelsmerke, -sakename, -logo's of -domeinname van toepassing nie; dié word in die Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch en die US se Handelsmerkhandleiding bereël.

Die US verwag van alle interne en eksterne belanghebbendes om te sorg dat hulle met hierdie BIE vertroud is en om te verseker dat alle navorsings- en ander werksaamhede aan die US wat IE sou kon oplewer ooreenkomstig hierdie Beleid verrig word. Die BIE is op alle US-kampusse van toepassing, op alle tydelike en permanente werknemers op die US-betaalstaat, en op kontrakwerkers, alle ingeskrewe studente, nadoktorale genote, en buitengewone en besoekende navorsers en dosente aan die US. Die Beleid het ook implikasies vir die US se navorsingskliënte en -vennote.

Die US is 'n instelling vir hoër onderwys en opleiding wat vir baie van die institusionele N&O openbare fondse ontvang en gebruik. Die meeste IE wat uit openbaar befondsde N&O ontstaan word deur die Wet op IE-regte en die Regulasies bereël. Daarom is daar in die opstel van hierdie BIE die nodige ag op die Wet en die Regulasies geslaan. Ingevolge die Wet en die Regulasies moet die US beleide vir die openbaarmaking, aanduiding, beskerming, ontwikkeling, kommersialisering en reëlings vir voordeelverdeling ontwikkel en deurvoer rakende IE wat voortspruit uit openbaar befondsde N&O. Sodanige beleid moet vir goedkeuring voorgelê word aan NIPMO, wat ingevolge die Wet op IE-regte tot stand gebring is. Hierdie BIE voorsien vir sodanige beleide en sal dit dienooreenkomstig aan NIPMO vir goedkeuring voorlê.

Daar word van tersiêre instansies verwag om 'n kantoor vir tegnologieoordrag (KTO) te hê ten einde sekere funksies en pligte namens die instelling te vervul ter nakoming van die Wet op IE-regte. Innovus dien as KTO aan die US. Die Innovus-KTO dra dus die verantwoordelikheid om die toegewese pligte as KTO namens die US ingevolge die Wet te vervul, onder meer die voortgaande ontwikkeling en bestuur van hierdie BIE en die voorlegging daarvan aan NIPMO vir goedkeuring; die beskerming van die regverdigbare IE-belange van die US, IE-bydraers en vennote; en die beskikbaarstelling van N&O-resultate aan die gemeenskap by wyse van tegnologieoordrag. Die Innovus-KTO is behoorlik deur die US gemagtig om hierdie funksie te vervul. Die Innovus-KTO se primêre doel is dus om hierdie BIE deur te voer in 'n wedersyds voordelige vennootskap met die akademiese gemeenskap aan die US, en om ooreenkomstig die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk te funksioneer.

## 2.2 TOEPASSING VAN DIE BELEID

### 2.2.1 ALGEMEEN

Die BIE is geïnkorporeer by en maak deel uit van ooreenkomste tussen die US en personeel, nadoktorale genote en studente, asook alle indiensnemingskontrakte en


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

diensleweringskontrakte met die US en ooreenkomste met nadoktorale genote en studente wat inskryf om aan die US te studeer. Hierdie hersiene BIE raak van krag op die inwerkingtredingsdatum soos in Deel 1 van hierdie Beleid aangedui. Dit het geen terugwerkende krag nie en is dus van nie toepassing op handelings wat uitgevoer is of transaksies wat gesluit is voor bogenoemde datum nie. Sodanige handelings en transaksies bly onderhewig aan die weergawe van hierdie Beleid wat tydens die uitvoering of sluiting daarvan van krag was.

Hierdie BIE is nie bedoel om in alle opsigte omvattend te wees nie, maar maak deel uit van die US se geïntegreerde bestuursmodel en moet saamgelees word met ander Universiteitsbeleide, onder meer dié oor navorsing, volkoste en kortkursusse. Die besondere oogmerk van hierdie IE-beleid is om te stipuleer hoe IE wat in die US-omgewing ontstaan, hanteer moet word. In die lig hiervan:

(a) bereël die Beleid eienaarskap van IE en die kommersialisering daarvan – Deel 2, 3 en 4 van hierdie BIE; en
(b) sit die Beleid uiteen hoe die US probeer verseker dat IE-bydraers wat personeel, studente, nadoktorale genote, of buitengewone of besoekende navorsers of dosente aan die Universiteit is 'n billike porsie bekom van die inkomste wat uit die kommersialisering van sodanige IE verkry word – Deel 5 en 6 van hierdie BIE.

### 2.2.2 NUWE IE

Ingevolge Deel 3 van hierdie BIE hou die US prosedures in stand rakende nuwe IE wat deur personeel, studente, nadoktorale genote, of buitengewone of besoekende navorsers of dosente aan die Universiteit geskep word. Sodanige prosedures help verseker dat:

(a) daar feitelik bepaal kan word wie die IE-bydraers is en, indien toepaslik, wat die proporsionele bydrae van hulle elkeen is;
(b) IE voldoende ontwikkel word om te voldoen aan die vereistes vir beskerming onder patent- of ander IE-regte;
(c) behoorlike sorg geneem word om nuwe IE behoorlik te beskerm voordat die resultate van N&O-werk enigsins gepubliseer word;
(d) die proses om IE te beskerm, wat die registrasie van 'n uitvinding insluit, met behoorlike sorg uitgevoer word en dat die akademiese oogmerk om vakkundige bevindings te publiseer, behoorlik oorweeg word;
(e) die tantièmes en enige ander inkomste uit die uitvinding billik verdeel word tussen die US en die uitvinder(s) ooreenkomstig Deel 6 van hierdie BIE en ter nakoming van die Wet op IE-regte en die Regulasies; en
(f) die lewensvatbaarheid en sakepotensiaal van IE behoorlik geëvalueer kan word.

### 2.2.3 KONSEPTE MET SAKEPOTENSIAAL

Ingevolge Deel 4 van hierdie BIE hou die US prosedures in stand rakende konsepte, planne en idees met sakepotensiaal wat personeel, studente, nadoktorale genote, of buitengewone of besoekende navorsers of dosente onder die Universiteit se aandag bring. Sodanige prosedures help verseker dat:

(a) die lewensvatbaarheid en kommersiële potensiaal van sodanige idees na behore geëvalueer kan word;
(b) behoorlike sorg geneem word dat die inhoud van sodanige konsepte, planne en/of idees vertroulik gehou word sover nodig;
(c) behoorlike sorg geneem word om die persoon wat 'n idee ontwikkel, te ondersteun – onder meer in die vorm van opleiding, bystand, advies, mentorskap en inkubasieruimte


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

– om te verseker dat die kennis en ruimte beskikbaar is om die onderneming geslaagd te ontwikkel; en

(d) die ekwiteit, tantièmes en/of ander inkomste uit die onderneming in elke geval billik verdeel word tussen die US en die persoon wat die idee ontwikkel (sien Deel 6 van hierdie BIE) met inagneming van enige koste of lenings wat die tersaaklike partye in verband met die stigting van die onderneming aangegaan het.

### 2.2.4 NAVORSING EN KONTRAKNAVORSING

In die geval van N&O wat in samewerking met ander organisasies onderneem word, vereis die US dat:

(a) die IE van die US en die belange van US-personeel, -studente, -nadoktorale genote en buitengewone of besoekende -navorsers of -dosente volledig gedek word wanneer kontrakte met sulke ander organisasies gesluit word; en

(b) met bogenoemde in gedagte, 'n skriftelike ooreenkoms voor die aanvang van die kontraknavorsing met sodanige ander organisasie aangegaan word ten opsigte van:
- die regte en verpligtinge van alle betrokke partye met betrekking tot IE wat uit die N&O mag voortvloei,
- die ontginning van sodanige IE, met inbegrip van die toestaan van lisensies en kommersialiseringsregte, en
- eise om en betaling van tantièmes asook enige ander inkomste uit sodanige IE.

### 2.2.5 KORTKURSUSSE

Die Beleid oor die Aanbieding van Kortkursusse aan die Universiteit Stellenbosch hanteer die koördinering en bestuur van kortkursusse asook die verdeling van inkomste wat in verband daarmee ontvang word. Die gebruik van die US se handelsmerke in die advertering of aanbieding van kortkursusse word ook in hierdie BIE bereël. Let wel: Ingevolge paragraaf 3.1.2 van die Beleid maak die US aanspraak op die kopiereg in die kursusmateriaal van kortkursusse. Daarby word deelnemers wat US-kortkursusse bywoon vir die doeleindes van hierdie BIE as US-studente beskou en word enige IE wat hulle tydens en binne die bestek van die bywoning van sodanige kortkursus mag skep, dus ooreenkomstig paragraaf 3.2 van hierdie BIE hanteer.

### 2.2.6 HANDELSMERKE

Die US se handelsmerke (met inbegrip van logo's) is en word geregistreer met die oogmerk om die dienste en produkte van die US in die gang van Universiteitswerksaamhede van die dienste en produkte van mededingers te onderskei. Gebruik van die US se handelsmerke word kortliks in paragraaf 3.6 van hierdie BIE hanteer, en meer omvattend in die Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van die Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch. Let wel: Buiten paragraaf 3.6 is hierdie BIE nie op US-handelsmerke van toepassing nie.

## 2.3 DOEL EN OOGMERK VAN DIE BELEID

Die US erken dat institusionele IE tot voordeel van die Universiteit, US-personeel en -studente, en die breër gemeenskap aangewend moet word. Deur hierdie BIE in te stel, erken die US in die instelling se strewe daarna om 'n kennisvennoot vir die regering, privaat sektor en samelewing te wees, dat Universiteitspersoneel vrylik op 'n studie- of navorsingsveld moet kan besluit en dit kan verwesenlik, die resultate van hulle intellektuele werk aan kollegas en eweknieë moet kan bekendmaak en die tradisionele vryheid moet kan behou om vakkundige en wetenskaplike werk te kan verrig. Daarby beoog die US dat die toepassing van hierdie BIE die beginsels van openlike en volledige openbaarmaking, billikheid teenoor IE-bydraers en die US in ag sal neem, asook die behoefte aan begrip en goeie trou onder die partye wat 'n belang in sodanige IE het. Hierdie Beleid word ook benodig, en streef daarna, om te verseker dat die US die Wet op IE-regte en die Regulasies


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

(ook alle NIPMO-riglyne en -praktyksnotas wat van tyd tot tyd uitgereik mag word) nakom in soverre dit IE aangaan wat uit openbaar befondsde N&O aan die US spruit. Die BIE het dus die volgende besondere oogmerke:

- Voorsien vir beleid en prosedures soos deur die Wet op IE-regte vereis rakende IE wat uit openbaar befondsde N&O aan die US spruit.
- Voorsien vir die pligte en funksies van Innovus as KTO aan die US ter nakoming van die Wet op IE-regte en die Regulasies (ook alle NIPMO-riglyne en -praktyksnotas).
- Bied klarigheid oor die regte en belange van die US en US-personeel en -studente, die regte van die Suid-Afrikaanse regering en NIPMO en ander IE-bydraers wat aan die US ontstaan; onder meer uit onderrig en leer, US-kortkursusse, konsultasie deur die US en N&O-werksaamhede.
- Verskaf voorskrifte en prosedures vir die aanduiding, openbaarmaking, beskerming en instandhouding van US-IE.
- Verskaf voorskrifte en prosedures om kern- akademiese werksaamhede soos onderrig, akademiese publikasie en verdere N&O te beskerm, en fasiliteer waar toepaslik die niekommersiële en openbare gebruik van US-IE.
- Verskaf voorskrifte en prosedures om kommersieel oor US-IE te beding en dit te ontgin; hetsy deur oordrag, lisensiëring of afwentelmaatskappye.
- Voorsien vir reëlings tussen die US en US-personeel, -nadoktorale genote, -studente en ander -medewerkers rakende die verdeling van inkomste en ander voordele wat uit die kommersiële ontginning van US-IE verkry word.

## 2.4 BELEIDSBEGINSELS

Hierdie BIE is daarop ingestel om die volgende kernbeginsels gestand te doen:

1. Die Beleid moet na die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk wat van regsweë vasgestel is, onder meer deur die Wet op IE-regte en die Regulasies, verwys en dit nakom.
2. Die Beleid moet die US se akademiese werksaamhede – onder meer onderrig, navorsing en akademiese publikasie – beskerm.
3. Die Beleid moet die skepping, openbaarmaking, beskerming en kommersiële gebruik en ontginning van IE aan die US tot voordeel van alle belanghebbendes ondersteun en aanmoedig.

## 2.5 GESKILBESLEGTING

Enige geskil rakende die vertolking of toepassing van hierdie BIE moet in die eerste instansie by die Direkteur: Tegnologieoordrag by die Innovus-KTO aangemeld word. Indien die geskil nie binne 30 (dertig) dae na sodanige kennisgewing bygelê is nie, mag dit na die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering by die Innovus-KTO verwys word vir beslegting. Die Hoofdirekteur sal die tersaaklike lynbestuurder(s) en/of toesighouer(s) van die betrokkenes van sodanige verwysing verwittig. Indien die geskil nie binne 30 (dertig) dae na verwysing bygelê is nie, mag dit verwys word na die uitvoerende beampte in die US Bestuur wat oor die Innovus-KTO toesig hou, naamlik die Uitvoerende Bedryfshoof. Laasgenoemde mag ander US-beamptes na goeddunke betrek. Die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering by die Innovus-KTO moet met die tersaaklike dekane of hoofde van die verantwoordelikheidsentrums (VS) waar die betrokkenes gesetel is, beraadslaag en die dekaan of VS-hoof inlig voordat die geskil na die Uitvoerende Bedryfshoof verwys word.

## 2.6 KURATOR VAN BELEID

Die Innovus-KTO is die kurator van die BIE, wat die volgende behels:


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

- Innovus is daarvoor verantwoordelik om die BIE te formuleer, goed te keur, te hersien, te kommunikeer en te moniteer, wat insluit om goedkeuring daarvoor by NIPMO te bekom soos in die Wet op IE-regte vereis.
- Die Innovus-KTO dra gedelegeerde verantwoordelikheid vir die deurvoering en algemene bestuur van die BIE, en vir skakeling met en verslagdoening aan NIPMO soos in die Wet op IE-regte en die Regulasies vereis.
- Enige oortreding of nienakoming van die BIE moet by die Innovus-KTO en die US se Oudit- en Risikokomitee aangemeld word.
- Gevalle van nienakoming van die BIE sal in oorleg met die Innovus-KTO hanteer word volgens die normale bestuurslyne soos bereël in die dissiplinêre beleide en prosedures wat op US-personeel en/of -studente van toepassing is.

## 2.7 VORMS EN ANDER ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE

Ondersteunende dokumente waarna hierdie BIE verwys, word in die bylae tot hierdie Beleid gelys en kan bekom word deur die Innovus-KTO se webblad by www.innovus.co.za te besoek of 'n e-pos na forms@sun.ac.za te stuur.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

# DEEL 3: EIENAARSKAP VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

## 3.1 PERSONEEL

### 3.1.1 ALGEMEEN

Alle personeel moet daarvan kennis neem dat eienaarskap van IE wat hulle in die gang en binne die bestek van hulle pligte en verpligtinge skep in die US setel. Deel 3, 4 en 5 van hierdie BIE beskryf die proses waardeur die US verseker dat personeellede aan die kommersialisering van sodanige IE kan deelneem en 'n billike porsie ontvang van die opbrengs wat die kommersiële gebruik van sodanige IE mag oplewer.

### 3.1.2 KOPIEREG

Ingevolge die Wet op IE-regte setel eienaarskap van werk wat aan kopiereg onderhewig is en in die konteks van openbaar befondsde N&O aan die US ontstaan het, in die US. Ingevolge artikel 21(1)(d) van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 setel die eienaarskap van alle kopiereg op ander werk wat US-werknemers in die gang en binne die bestek van hulle pligte geskep het, in die US. In soverre sodanige regte nie na die US oorgedra kan word nie, mag werknemers nie vir hulleself op daardie regte aanspraak maak nie, maar moet hulle van al hulle eie regte – alle morele regte ingesluit – ten gunste van die US afstand doen. Ooreenkomstig paragraaf 3.1.8 van hierdie BIE is alle kontrakwerkers verplig om hulle kopiereg op enige ander werk wat tydens die uitvoering van hulle kontraktuele verpligtinge mag ontstaan, aan die US af te staan en oor te dra.

#### 3.1.2.1 Aanduiding van kopiereg op werk

Sover dit prakties moontlik is, moet alle kursusmateriaal, rolprente, klankopnames, gepubliseerde uitgawes en rekenaarprogramme (sagteware) wat US-personeel in die uitvoering van hulle pligte skep, soos volg aangedui word:

> Copyright © [insert year] Stellenbosch University
> ***All rights reserved***
>
> of
>
> Kopiereg © [vul jaartal in] Universiteit Stellenbosch
> ***Alle regte voorbehou***

Die jaartal in die verklaring is dié waarin kopieë van die werk vir die eerste keer aan studente of lede van die publiek beskikbaar gestel is of waarin die werk andersins vir die eerste keer gepubliseer is. Indien 'n aansienlik bygewerkte weergawe of uitgawe van die werk daarna gepubliseer word, moet die datum van eerste publikasie of enige vorige uitgawes ook verskaf word.

#### 3.1.2.2 Kursusmateriaal

Alle kursusverwante materiaal wat US-personeel skep in die normale gang en bestek van hulle pligte – onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksiefunksies ingesluit – word, tensy anders ooreengekom, beskou as werk wat ontstaan het binne die bestek van daardie personeellede se werksverpligtinge. Dit sluit werk in wat in die uitvoering van 'n personeellid se normale pligte geskep word óf in die verrigting van besondere onderrig-, navorsings- of gemeenskapsinteraksieprojekte wat deur die US aan die personeellid toegedeel is. Sodanige werk sluit onder meer die volgende in: alle kursusmateriaal, materiaal in elektroniese leerderbestuurstelsels en die US se beveiligde wolkgebaseerde stoorplek, klasnotas, toets- en eksamenvraestelle, kortkursusmateriaal en alle ander materiaal vir gebruik in


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

persoonlikekontak-, vermengde en volledig-aanlyn-onderrig asook informele en nieformele onderrigfunksies soos gemeenskapsopvoeding, en sagteware, databasisse en video- en multimediamateriaal wat die personeellid vir onderrigdoeleindes ontwikkel het.

Wanneer personeel die US se diens verlaat, moet hulle voor hulle vertrek 'n kopie van alle onderrigmateriaal wat hulle in die gang van hulle indiensneming ontwikkel het, oorhandig aan hulle departementele voorsitter of aan sodanige ander persoon in die fakulteit wat die visedekaan: leer en onderrig vir daardie doel aangewys het. Voormalige US-personeellede sal nie verhoed word om onderrigmateriaal wat deur hulle geskep is vir normale onderrigdoeleindes by ander instellings te gebruik nie, mits alle verwysings na die US daaruit verwyder is.

Personeellede mag ook kursusmateriaal wat hulle self opgestel het, inwerk in ander werk wat hulle skep, byvoorbeeld handboeke. Indien personeel egter sodanige werk (bv. handboeke) vir US-studente wil voorskryf met die doel dat hulle dit moet aankoop vir kursusse wat by die US aangebied word, moet die betrokke dekaan se goedkeuring eers verkry word.

Indien personeel kopieregdraende materiaal wat nie aan die US behoort nie by kursusverwante materiaal wil insluit, moet hulle dit doen ooreenkomstig die US se Algemene Kopieregriglyne ingevolge die Ooreenkoms vir Dekkende Lisensiëring wat Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse uitreik en administreer. Personeellede kan hierdie Innovus-afdeling nader vir bystand om die nodige lisensies te bekom om sodanige kopieregdraende materiaal te kan gebruik.

#### 3.1.2.3 Sagteware en multimedia

Kopiereg op rekenaarprogramme, databasisse, films en video's, klankopnames, uitsendings en multimediamateriaal wat personeellede in die uitvoering van hulle pligte ontwikkel het, setel in die US. In gepaste omstandighede kan die US wel met ander reëlings akkoord gaan. Personeellede wat die US se diens verlaat, moet voor hulle vertrek 'n kopie van alle sodanige materiaal wat hulle in die uitvoering van hulle pligte ontwikkel het, aan hulle departementele voorsitter oorhandig.

Personeel moet kopieë van alle ontwerp- en verwysingsmateriaal rakende die ontwikkeling van sagteware bewaar. Die kopiereg op sulke materiaal setel in die US, maar die US mag in gepaste omstandighede met ander reëlings akkoord gaan. Personeel moet sulke materiaal sowel as die kode van die programme wat in die gang van hulle navorsing mag ontstaan vertroulik hanteer, en moet sodanige materiaal en kodes slegs aan behoorlik gemagtigde US-personeel en op versoek verskaf. Daarenteen mag verwysingsmateriaal en programkodes wat slegs vir demonstrasiedoeleindes aan studente ontwikkel word, vrylik aan daardie studente beskikbaar gestel word. Sulke materiaal en kodes maak deel van die kursusmateriaal uit, wat hier bo bereël word.

Aansoeke om ander reëlings rakende kopieregdraende werk wat hier onder genoem word, moet skriftelik aan die Innovus-KTO gerig word.

Personeel moet ook daarvan bewus wees dat, hoewel rekenaarprogramme deur kopiereg beskerm word en gewoonlik nie patenteerbaar is nie, dit nie noodwendig geld indien daar 'n nuwe tegniese toepassing vir die rekenaarprogram ontwikkel is nie. In daardie geval mag 'n rekenaarprogram ook gepatenteer word.

#### 3.1.2.4 Oopbronsagteware


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Hoewel die US kan aanspraak maak op eienaarskap van sagteware wat deur personeel geskep word, ondersteun en bevorder die US dit dat personeel oopbronsagteware skep en tot die skepping daarvan bydra.

Personeel mag dus kies om sagteware wat hulle geskep het of wat onder hulle studiebegeleiding geskep is, onder oopbronlisensies te publiseer; maar nie in die volgende gevalle nie:

- Kategorie 1 – sagteware wat NIPMO voor publikasie moet goedkeur;
- Kategorie 2 – sagteware wat ’n patenteerbare uitvinding of ander vorm van beskermbare IE openbaar maak soos in paragraaf 4.2 hier onder beskryf; en
- Kategorie 3 – sagteware met beduidende kommersiële waarde of kommersialiseringspotensiaal.

Wat Kategorie 1 betref, word NIPMO-goedkeuring vereis vir algemene openbaarmaking van sagteware wat voortgespruit het uit grondslagnavorsing in die vorm van sistematiese ondersoekende of eksperimentele ontwikkelingswerksaamhede waarvan die resultaat onbekend of onseker is, byvoorbeeld:

- die ontwikkeling van ’n nuwe bedryfstelsel of -taal;
- die ontwikkeling en inwerkingstelling van ’n nuwe soekenjin wat op oorspronklike tegnologieë begrond is;
- die oplossing van ’n konflik binne hardeware of sagteware wat begrond is op ’n proses om ’n stelsel of netwerk te hergenieer;
- die skepping van ’n nuwe of doeltreffender algoritme wat begrond is op ’n nuwe tegniek (d.w.s. wat voorheen onbekend en ongepubliseerd was); en
- die skepping van ’n nuwe en oorspronklike enkripsie- of beveiligingstegniek.

Personeellede moet sagteware wat hulle ontwikkel het of wat onder hulle studiebegeleiding ontwerp is, assesseer voordat dit algemeen openbaar gemaak word om te bepaal of sodanige sagteware onder Kategorie 1, 2 of 3 tuishoort. Die US aanvaar dat klein veranderings wat met behulp van standaard- bestaande programmeringstegnieke gemaak is volgens ’n openbaar beskikbare kode wat op ’n oopbronplatform verkry is, na alle waarskynlikheid nie onder een van hierdie kategorieë ressorteer nie.

Sagteware wat wel onder een van hierdie kategorieë tuishoort, moet voor algemene openbaarmaking op die voorgeskrewe manier aan die Innovus-KTO openbaar gemaak word, en die betrokke personeellede moet met Innovus ooreenkom op die manier en voorwaardes van sodanige algemene openbaarmaking. Die Innovus-KTO is daarvoor verantwoordelik om alle regulatoriese goedkeuring wat vir algemene openbaarmaking vereis mag word, aansoek te doen, en om die maatreëls te tref wat na die Innovus-KTO se diskresie nodig is om die onderliggende IE in die betrokke sagteware te beskerm voordat dit algemeen openbaar gemaak word.

Algemene openbaarmaking van die kode van ’n bron met die doel om dit in die gang van konvensionele akademiese werksaamhede aan studente te demonstreer hoef nie by Innovus aangemeld te word nie. Die kodes van sulke bronne maak deel van die kursusmateriaal uit, wat hier bo bereël word.

Indien en in soverre personeellede enige bestaande oopbronsagteware vir ontwikkelingswerk gebruik, moet hulle sorg dat hulle vertroud is met die lisensievoorwaardes wat op die gebruik van daardie oopbronsagteware van toepassing is, en dat hulle dit nakom. Die Innovus-KTO mag ’n lys publiseer met oopbronlisensies wat risiko vir sagtewareontwikkeling inhou. Personeel wat voornemens is om bronkodes ingevolge sodanige hoërisiko-oopbronlisensies


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

te gebruik om sagteware te ontwikkel wat onder een van die omskrewe kategorieë hier bo ressorteer, moet die Innovus-KTO kontak voordat hulle sulke bronkodes in sagteware inkorporeer.

#### 3.1.2.5 Vakkundige werk en kunswerk

Die US maak gewoonlik nie aanspraak op inkomste uit werk onder die kategorieë hier onder nie, selfs as die skep van sodanige werk binne die bestek van die personeellid se pligte val:

- kunswerke van suiwer estetiese aard (bv. skilderye); dit wil sê, kunswerke van funksionele aard, soos ontwerpmateriaal (bv. vloeikaarte, kringdiagramme en ontwerptekeninge) is hiervan uitgesluit;
- literêre werk (bv. digbundels, artikels en boeke); dit wil sê, kursusmateriaal en literêre werk van oorwegend funksionele aard (bv. databasisse en ontwerpmateriaal) is hiervan uitgesluit; en
- musikale werk (komposisies), sowel as uitvoerings en opnames daarvan.

Die personeellid mag sodanige werk (bv. handboeke) aan US-studente voorskryf om aan te koop met die oog op kursusse wat die personeellid by die US aanbied slegs indien die betrokke dekaan dit goedgekeur het, of die gepaste fakulteitskomitee aan wie die dekaan hierdie verantwoordelikheid gedelegeer het.

Kopiereg op akademiese handboeke en artikels wat deur US-personeel geskryf is, setel in die betrokke personeellede, mits die US gepaste erkenning in die publikasie ontvang. Die US mag die vorm voorskryf wat sodanige erkenning moet aanneem.

Oor die ander soorte werk wat hier bo beskryf word, moet personeel die Innovus-afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse kontak om seker te maak dat publikasies wat hulle beoog, op hierdie manier hanteer sal word voordat hulle enige sodanige werk publiseer. Mits die US wetlik daartoe in staat is en tensy die US die personeellid van die teendeel in kennis gestel het, ontvang personeel eienaarskap van die kopiereg of gebruiksregte en is hulle geregtig op die inkomste uit hierdie soort werk (behalwe die soorte werk soos hier bo beskryf ten opsigte waarvan die US wel op kopiereg aanspraak maak). In hierdie verband moet personeellede oplet dat slegs kopieregdraende werk wat met konvensionele akademiese werksaamhede verband hou, uitgesluit is van die bepalings van die Wet op IE-regte wat vereis dat NIPMO die eerste opsie kry om IE te verkry wat uit openbaar befondsde N&O-werk voortspruit indien die US nie op sodanige IE aanspraak maak nie.

Alle transaksies wat personeel sluit rakende werk waarop die kopiereg aan hulle behoort (bv. met uitgewers), moet in hulle eie naam geskied en is vir die rekening en verantwoordelikheid van die betrokke personeellid, tensy anders met die US ooreengekom. Personeel mag fondse gebruik wat behoorlik vir hierdie doel via US-kostepunte aan hulle toegewys is.

Indien US-personeel kopieregdraende materiaal wat aan die US behoort, wil insluit in sodanige kopieregdraende werk (bv. 'n akademiese publikasie), moet hulle vooraf die US se skriftelike toestemming vir sodanige insluiting bekom. Personeel kan met die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) skakel om goedkeuring te kry vir die publikasie van akademiese artikels wat materiaal bevat waarop die US die kopiereg besit.

Wat alle ander soorte werk betref, akademiese handboeke ingesluit, kan personeel met Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse skakel om goedkeuring te kry vir die insluiting van materiaal waarop die US die kopiereg besit. Indien en soverre die US op versoek van 'n personeellid daartoe instem om regstreeks betrokke te raak by enige transaksie vir die publikasie van 'n werk waarop die kopiereg nie volledig aan die US behoort nie, moet die betrokke personeellid daartoe in staat wees en daartoe instem om al die regte aan die US


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

te verskaf en toe te staan wat nodig is sodat die US die instelling se verpligtinge rakende sodanige transaksie kan nakom.

### 3.1.3 BEPALINGS OOR UITVINDINGS, ONTWERPE, PLANTTELERSREGTE EN KUNDIGHEID

US-personeel (werknemers sowel as kontrakwerkers) moet oplet dat alle regte, belang en aanspraak rakende enige uitvinding, planttelersregte, ontwerp, handelsgeheim en verwante kundigheid – hetsy geregistreerd of nie – wat US-personeel in die normale gang en binne die normale bestek van hulle pligte en verpligtinge teenoor die US skep, in die US setel. In soverre die betrokke regte en belange nie wetlik in die US setel nie, moet personeel dit aan die US afstaan en oordra. Tensy anders ooreengekom, sluit dit alle regte, aanspraak en belang in uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, handelsgeheime en verwante kundigheid in wat personeellede ontwikkel in die spesialisasieveld waarin hulle by die US aangestel is.

Bogenoemde afstanddoening en oordrag moet alle regte, aanspraak en belang in enige uitvinding, ontwerp of plantvariëteit insluit wat personeellede in die uitvoering van hulle pligte en verpligtinge ontwikkel, selfs al sou 'n aansoek om die registrasie van 'n patent, ontwerp of planttelersregte ingedien word eers nadat die persoon se diensverhouding met die US beëindig is.

Alle uitvindings, planttelersregte, ontwerpe, handelsgeheime en verwante kundigheid wat personeellede ontwikkel in die tydperk waarin hulle dienste aan die US lewer en wat verband hou met die spesialisasieveld waarbinne die persoon by die US aangestel is, word geag (i) te ontstaan het uit openbaar befondsde N&O aan die US, tensy die personeellid kan aantoon dat sodanige IE ontstaan het in die uitvoering van nie- openbaar befondsde N&O waarvoor gekontrakteer is en wat op volkostegrondslag verrig is soos in paragraaf 3.1.4 hier onder beskryf, en (ii) ontwikkel te wees in die gang en binne die bestek van die personeellid se pligte teenoor die US, tensy die persoon die teendeel kan aantoon op grond van 'n ooreenkoms, logboek of soortgelyke bewysmateriaal. Enige sodanige uitvinding, planttelersreg, ontwerp, handelsgeheim en verwante kundigheid wat personeellede openbaar maak binne 12 (twaalf) maande nadat hulle die US se diens verlaat het, word ook geag te ontstaan het uit openbaar befondsde N&O aan die US en ontwikkel te wees in die gang en binne die bestek van die personeellid se pligte teenoor die US, tensy die persoon die teendeel kan aantoon op grond van 'n ooreenkoms, logboek of soortgelyke bewysmateriaal.

### 3.1.4 NAVORSING, KONTRAKNAVORSING EN KONSULTASIE DEUR DIE US

Die US heg groot waarde aan navorsing as een van die sleutelfunksies van die instelling se akademiese personeel. Die aard van die navorsing kan werklik grondslagnavorsing óf meer toepassingsgerig wees. In die geval van grondslagnavorsing mag dit wees dat die potensiële kommersiële waarde daarvan nie al in die beginfases van die ondersoek duidelik is nie. Daarom moet alle navorsers op die potensiële waarde van hulle IE bedag wees in hulle omgang met medenavorsers of sakevennote. Die bedoeling is nie om vakkundige akademiese kontak en samewerking of deelname aan konferensies en byeenkomste te strem nie, maar om navorsers sensitief te maak vir die feit dat voortydige en onbeskermde openbaarmaking van navorsingsresultate kan veroorsaak dat erkenning, IE-beskerming en geleenthede wat ontgin kon word, verlore gaan.

US-personeel wat ander opvoedkundige instellings of ander organisasies besoek met die oogmerk om hulle navorsingsidees wat op IE-skepping mag uitloop, daar te bespreek, of wat tydens navorsingsverlof elders gaan navorsing doen, moet verseker dat gepaste ooreenkomste rakende IE-regte vooraf gesluit word. Personeel moet die ANO kontak vir bystand in hierdie verband.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Net so moet personeel wat deur eksterne organisasies genader word om navorsing of konsultasiewerk vir daardie entiteite onder die US se vaandel of met behulp van US-bronne te doen, ongeag waar hulle die werk gaan verrig, verseker dat gepaste kontrakte met die US aangegaan word. Sodanige ooreenkomste moet vooraf deur die US goedgekeur word, en moet die prosedures navolg wat in die US Beleid oor Kontraknavorsing en die US Beleid oor Konsultasiewerk voorgeskryf word. Die ANO-afdeling Navorsingskontrakte sal personeel in hierdie proses ondersteun. Die Innovus-KTO is, tesame met die ANO, beskikbaar om personeel by te staan met die onderhandeling van klousules oor IE en kommersialisering in sulke kontrakte. Kontraknavorsing en konsultasiewerk deur die US word geag deel van die US se openbaar befondsde N&O uit te maak en binne die normale uitvoering van die personeellid se pligte teenoor die US te val. Die IE wat uit sulke kontraknavorsing mag voortvloei, is dus in die US gesetel, behalwe in soverre daar anders met die eksterne organisasie(s) ooreengekom is en onderhewig aan die toepaslike wetgewing.

#### 3.1.4.1 IE-regte – volkoste

Die US skenk redelike oorweging aan enige versoeke vanaf eksterne organisasies rakende eienaarskap van IE-regte wat uit N&O- of konsultasiewerk deur die US voortspruit, mits die N&O of konsultasie op volkostegrondslag verrig word soos in die US Beleid oor die Bepaling van Volkoste vir Navorsings- en Navorsingsverwante Kontrakte voorgeskryf. Die omvang van die organisasie se bydrae tot die N&O is bepalend, asook hulle finansiering van die N&O, hulle verskaffing van fasiliteite of toerusting, hulle bydrae in die vorm van voorafbestaande IE, en hulle deelname aan die werklike N&O-werk en die kommersialisering daarvan. Die Wet op IE-regte is nie op volkosteprojekte van toepassing nie, maar hierdie BIE bly toepaslik. Die lisensiëring van enige voorafbestaande IE van die US aan 'n eksterne organisasie in verband met so 'n volkosteprojek in die besonder moet goedgekeur word deur die Innovus-KTO in samewerking met die ANO. Die Innovus-KTO, in oorleg met die ANO, mag prosedures en riglyne instel om so 'n aansoekproses te fasiliteer en vaartbelyn te maak.

#### 3.1.4.2 IE-regte – nie-volkoste

Wanneer navorsingskontrakte nie op volkostegrondslag gesluit word nie, moet die US die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk in ag neem – ook hoe dit op die US se openbaar befondsde N&O mag betrekking hê. Daarby moet die Innovus-KTO enige oormaking aan of deling van regte met die eksterne organisasie goedkeur rakende IE wat mag ontstaan uit sodanige kontraknavorsing wat nie op volkostegrondslag verrig of gesamentlik ontwikkel word nie. Hierin werk die Innovus-KTO saam met die ANO, en vooraf saam met NIPMO. Die US se gevolmagtigde moet ook die navorsingskontrak onderteken. Die Innovus-KTO, in oorleg met die ANO, mag prosedures en riglyne instel om so 'n aansoekproses te fasiliteer en te vereenvoudig.

#### 3.1.4.3 Voorafbestaande IE

Wanneer 'n eksterne organisasie 'n US-personeellid versoek om 'n studie uit te voer om voorafbestaande IE (soos in Deel 1 van hierdie BIE omskryf) wat nie aan die US behoort nie verder te ontwikkel, of om 'n probleem wat met sulke IE verband hou op te los, is die US se regte as eienaar beperk tot die IE op die verbeterings, toevoegings en wysigings aan die voorafbestaande IE wat uit die ondersoek of N&O voortspruit; asook enige patente, planttelersregte, ontwerpe en kopiereg wat in verband met sodanige verbeterings, toevoegings en wysigings mag ontstaan. In al sulke gevalle moet die betrokke personeellid die Innovus-KTO sonder versuim inlig dat die N&O-werk die betrokke voorafbestaande IE gebruik en daarvan afhanklik is. Dit is om te verseker dat die partye se onderskeie regte op die IE wat uit die N&O ontstaan in die toepaslike skriftelike kontrak uitgeklaar kan word.

### 3.1.5 REGERINGSREGTE


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Personeel moet ook let op die regte wat die Suid-Afrikaanse regering het op IE wat uit alle openbaar befondsde N&O ontstaan en wat in die Wet op IE-regte en die Regulasies vervat is. Die US moet hierdie regulatoriese en wetgewende raamwerk gestand doen. Die raamwerk is nie van toepassing op kopieregdraende werk wat met konvensionele akademiese werk verband hou of op IE wat ontstaan uit N&O waarvan die volkoste (soos in die US Beleid oor die Bepaling van Volkoste vir Navorsings- en Navorsingsverwante Kontrakte omskryf word) deur 'n eksterne persoon of entiteit befonds word nie. Die Innovus-KTO sal personeel bystaan om te bepaal of die regulatoriese en wetgewende raamwerk op hulle N&O van toepassing is, maar personeel moet in die algemeen veronderstel dat dit wel die geval is totdat die aangewese US-persoon gesertifiseer het dat die N&O-projek die Universiteit se Beleid oor die Bepaling van Volkoste vir Navorsings- en Navorsingsverwante Kontrakte nakom.

Die US moet gereeld aan NIPMO verslag doen oor IE wat deur die US en US-personeel uit openbaar befondsde N&O geskep en gekommersialiseer is. Sou die US hierin versuim, kan NIPMO eis dat IE wat nie openbaar gemaak is nie, aan hulle oorgedra word. Personeel en eksterne organisasies wat by navorsingskontrakte betrokke is, moet tot sodanige openbaarmaking instem. NIPMO word statutêr verplig om sodanige openbaar gemaakte inligting vertroulik te hou.

NIPMO het gewoonlik ook eerste opsie om eienaarskap te verkry van IE wat uit openbaar befondsde N&O voortspruit, sou die US behoud van sodanige eienaarskap van die hand wys, en om statutêre beskerming in verband daarmee aan te vra. Slegs as NIPMO die verkryging van eienaarskap in sodanige IE van die hand wys, kan die US die geleentheid om daardie IE te verkry aanbied aan, ten eerste, enige eksterne organisasie wat betrokke mag wees en daarna aan die betrokke personeellid. Weer eens geld dit nie ten opsigte van N&O waarvoor die eksterne organisasie die volkoste gedra het of vir werk waarop daar kopiereg is wat met konvensionele akademiese werksaamhede verband hou nie.

### 3.1.6 PRIVAAT KONSULTASIEWERK

Ten einde paragraaf 3.1.4, 3.1.5, en 3.1.6 korrek te vertolk, word daar tussen privaat konsultasiewerk, US-konsultasiewerk en kontraknavorsing onderskei, soos in Deel 1 van hierdie Beleid uiteengesit word. US-konsultasiewerk en kontraknavorsing word in opdrag van die US verrig ingevolge 'n kontrak tussen die US en 'n derde party. Privaat konsultasiewerk is wat personeel in hulle privaat hoedanigheid verrig, sonder dat die US betrokke is. Privaat konsultasiewerk moet die US se Algemene Prosedure vir Privaat Werk (November 2006) en Beleid oor Konsultasiewerk nakom, en in samewerking met die Komitee vir Botsende Belange en ooreenkomstig die tersaaklike beleid verrig word, na gelang van die geval.

US-personeellede mag die produk van hulle privaat konsultasiewerk – hetsy 'n verslag, 'n opinie of 'n produk of diens in enige ander vorm – aan 'n eksterne organisasie oorhandig, met inbegrip van die kopiereg op die projek; met die voorbehoud dat geen vertroulike Universiteitsinligting sonder die US se vooraf skriftelike toestemming openbaar gemaak mag word nie. Vertroulike Universiteitsinligting sluit, byvoorbeeld, N&O-resultate in wat personeel in die uitvoering van hulle pligte aan die US bekom. Die rede daarvoor is dat die US wil voorkom dat die Universiteit en US-personeel se regte op akademiese publikasies aangetas word, en die US mag enige redelike maatreëls tref om sodanige benadeling te voorkom. Gewoonlik behou die US egter die kopiereg op die onverwerkte data wat in die verrigting van N&O tot stand kom, onder meer met die oogmerk om verdere navorsing aan te moedig. Daarom moet US-personeellede die kopiereg en enige ander regte wat in sodanige onverwerkte data mag setel, aan die US oordra, tensy hulle anders met die US ooreengekom het.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Ander vorme van privaat werk wat nie deur die omskrywing van "privaat konsultasiewerk" gedek word nie, word as kontraknavorsing beskou tensy vooraf anders ooreengekom is, en word hanteer soos in paragraaf 3.1.4 bereël.

### 3.1.7 IE WAT SETEL IN WERKNEMERS IN DIE US SE DIENS

Enige personeellid wat daarop aanspraak maak dat eienaarskap van IE in hulleself setel, moet redelike bewys aan die US lewer dat sodanige IE op geen manier uit openbaar befondsde N&O ontstaan het nie en dat dit buite die normale gang en bestek van hulle pligte geskep is. Die US sal in ag neem of die IE in die gang van privaat konsultasiewerk ontstaan het, of die US se infrastruktuur gebruik is, die personeellid se akademiese titel of rang, en/of die personeellid se diensverhouding met die US. Indien personeellede die IE wat in hulle setel, kommersieel wil aanwend, kan Innovus hulle daarin bystaan teen betaling van 'n markverwante fooi.

### 3.1.8 KONTRAKWERKERS

Die terme "personeel" en "personeellede" sluit, vir doeleindes van hierdie BIE, persone in wat op kontrakbasis by die US aangestel is. Hulle is dus onderhewig aan dieselfde voorwaardes rakende IE-regte as dié ten opsigte van persone in die US se diens, tensy daar uitdruklik op die teendeel ooreengekom is. In soverre kontrakwerkers in die uitvoering van hulle pligte teenoor die Universiteit IE skep wat nie van regsweë in die US setel nie, moet sodanige werkers hulle volledige regte, titel en belang rakende sodanige IE – met inbegrip van uitvindings, ontwerpe, planttelersregte, kennis en kopieregwerk – ingevolge hierdie ooreenkoms aan die US oormaak, oordra en toeken. In soverre sodanige regte nie aan die US oorgedra kan word nie, moet kontrakwerkers onbeperkte eksklusiewe regte aan die US verleen om die IE te gebruik en toe te pas, asof die Universiteit die eienaar daarvan is, en van al hulle eie regte afstand doen ten gunste van die US. Om enige twyfel uit die weg te ruim, moet alle skriftelike ooreenkomste wat met kontrakwerkers aangegaan word 'n bepaling met hierdie strekking bevat.

Tensy anders ooreengekom word, word die verhouding tussen die US en kontrakwerkers bereël deur 'n skriftelike ooreenkoms wat vir onder meer die volgende voorsien:

- die onderneming om aan die US oor te maak, en die oormaking aan die US, van IE-regte wat nie van regsweë in die US setel nie;
- die bevestiging dat die US alleen en uitsluitlik daarop geregtig is om sodanige IE te gebruik, te ontgin en af te dwing, sonder enige beperking of inperking;
- afstanddoening van morele regte rakende werk wat aan kopiereg onderhewig is;
- die onderneming om kopiereg oor te maak, en die oormaking daarvan, in soverre aanvanklike of daaropvolgende oormaking van kopiereg aan tydsbeperking vanaf die toepaslike regsweë onderhewig is.

Alle kontrakwerkers moet 'n openbaarmakingsvorm van die Innovus-KTO invul rakende enige sodanige IE wat in die verrigting van hulle kontrakwerk ontwikkel is.

Die US vergoed kontrakwerkers vir inkomste wat verdien is uit IE-regte volgens dieselfde beginsels as dié wat ingevolge Deel 5 van hierdie Beleid ten opsigte van US-werknemers geld.

### 3.1.9 GESAMENTLIKE DIENSSTAAT

Die eienaarskap van IE van personeel wat op 'n gesamentlike diensstaat van die US en 'n eksterne organisasie is, word bepaal ooreenkomstig die ooreenkoms tussen die US en daardie eksterne organisasie, onderhewig aan die toepaslike wetgewing en hoe daardie wetgewing op openbaar befondsde N&O-werk mag toepaslik wees. Tensy die betrokke ooreenkoms


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

anders bepaal, behoort alle IE wat personeellede in die uitvoering van hulle pligte teenoor die US voortbring, aan die Universiteit en is dit hierdie BIE daarop toepaslik.

## 3.2 STUDENTE

### 3.2.1 ALGEMEEN

US-studente gebruik Universiteitsinfrastruktuur en verrig hulle werk as deel van hulle studies om 'n kwalifikasie te bekom, en word in hulle werk deur US-personeel ondersteun en begelei. Alle IE wat mag voortspruit uit werk wat studente as deel van hulle studies verrig, ongeag of dit aan die US ingelewer word of nie, word dus gereken te ontstaan het binne die konteks van openbaar befondsde N&O aan die US en setel gevolglik in die Universiteit. Dit sluit kopiereg, patentregte, planttelersregte, ontwerpsregte en alle verbandhoudende kundigheid in. Waar sodanige IE nie van regsweë in die US setel nie, moet studente die IE aan die US oormaak. Sodanige oormaking vind ooreenkomstig en as deel van die registrasieproses plaas. Genoemde vestiging van IE kan in sekere omstandighede by wyse van 'n skriftelike ooreenkoms tussen die student en die US verander word. Sulke ooreenkomste is onderhewig aan alle toepaslike wetgewing, met inbegrip van hoe dit op openbaar befondsde N&O aan die US betrekking mag hê. Studente kan die Innovus-KTO nader om sodanige alternatiewe bepalings te bespreek.

### 3.2.2 BEPALINGS RAKENDE KOPIEREG

#### 3.2.2.1 Studieverwante materiaal

Studente onderneem om hulle kopiereg op alle werk wat as deel van die verrigting van hulle studies voortgebring mag word (ook alle navorsing wat as deel van sodanige studies uitgevoer word), aan die US oor te maak en maak dit hiermee so oor. In soverre sodanige regte nie aan die US oorgedra kan word nie, sal die US alleen en uitsluitlik daarop geregtig wees om daardie regte as die eienaar daarvan te gebruik, te ontgin en af te dwing, sonder enige beperking of inperking. Studente onderneem ook om kopiereg weer oor te maak, en maak dit opnuut oor, in soverre die aanvanklike of enige daaropvolgende oormaking van kopiereg aan tydsbeperking vanaf die toepaslike regsweë onderhewig is. Studente doen ook ten gunste van die US afstand van hulle morele reg op sodanige werk – onder meer alle voorleggings, werkopdragte, toets- en eksamenskrifte, klasnotas, opsommings, plakkate, referate, proefskrifte, tesisse, klankopnames, video-opnames, sagteware, databasisse, ontwerpe en modelle wat studente as deel van hulle studies voortbring. In hierdie verband moet die vereistes van die US Jaarboek betreffende die invoeging van kopieregkennisgewings en verklarings van outeurskap in akademiese materiaal, byvoorbeeld verhandelings en proefskrifte, nagekom word. Die US kan in sekere gevalle besluit om eienaarskap van die kopiereg, hetsy in die geheel of gedeeltelik, aan studente oor te dra of om studente andersins te magtig om hulle werk kommersieel of andersins te gebruik. Studente kan Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse nader om sodanige magtiging aan te vra.

US-studente word aangemoedig om hulle klasnotas en opsommings, toets- en eksamenskrifte en ander soortgelyke studiemateriaal onder mekaar uit te ruil en te bespreek. Belangrik: Die US laat studente nie toe om US-studiemateriaal buite hulle leeromgewing by die US te versprei nie, hetsy via elektroniese platform of andersins, en ongeag of sodanige verspreiding vir kommersiële gewin gedoen word of nie. Dit is streng verbode vir studente om studiemateriaal van die US sonder magtiging te versprei en te gebruik.

#### 3.2.2.2 Kunswerke


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Gewoonlik maak die US nie aanspraak op inkomste uit die kategorieë werk wat hier onder gelys word nie, selfs al word die betrokke werk as deel van studente se studies geskep:

- kunswerke van suiwer estetiese aard (bv. skilderye); dit wil sê, uitgesluit kunswerke van oorwegend funksionele aard, soos ontwerpmateriaal (bv. vloeidiagramme, kringdiagramme en ontwerptekeninge);
- literêre werke (bv. digbundels, artikels of boeke); dit wil sê, uitgesluit kursusmateriaal en literêre werke van oorwegend funksionele aard (bv. databasisse en ontwerpmateriaal); en
- musikale werk (komposisies) sowel as uitvoerings en opnames daarvan.

Studente moet Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse (of, in geval van akademiese artikels, die US ANO) kontak om seker te maak dat publikasies wat hulle beoog soos hier bo hanteer word voordat hulle voortgaan om enige sodanige werk te publiseer. Mits die US wetlik daartoe in staat is, en behoudens die mate waartoe die US hulle andersins in kennis gestel het, ontvang studente eienaarskap van die kopiereg of gebruiksregte en is hulle geregtig op die inkomste uit hierdie soort werk (buiten die soorte werk soos hier bo omskryf ten opsigte waarvan die US wel op die kopiereg aanspraak maak). In hierdie verband moet studente oplet dat slegs kopieregdraende werk wat met konvensionele akademiese werk verband hou, uitgesluit is van die bepalings van die Wet op IE-regte, wat vereis dat NIPMO die eerste opsie gebied word om die IE te verkry wat uit openbaar befondsde N&O-werk spruit, indien die US nie daarop aanspraak maak nie.

Alle transaksies wat studente aangaan rakende kopieregdraende werk wat aan hulle behoort (bv. met uitgewers), moet in hulle eie naam gesluit word en is uitsluitlik vir die betrokke studente se sak en hulle verantwoordelikheid, tensy anders met die US ooreengekom is. Indien en in soverre die US instem om by die publikasie van sodanige kopieregdraende werk betrokke te raak, moet die studente daartoe in staat wees en daartoe instem om al die regte aan die US te verskaf wat die Universiteit benodig om die instelling se verpligtings rakende sodanige publikasies na te kom.

#### 3.2.2.3 Sagteware

Studente moet kopieë behou van alle ontwerps- en verwysingsmateriaal wat met die ontwikkeling van sagteware verband hou of wat as deel van hulle studies aan die US mag ontstaan. Studente moet sodanige materiaal sowel as die programkode vertroulik hanteer en mag die materiaal slegs aan behoorlik gemagtigde US-personeel op versoek beskikbaar stel. Studente mag egter verwysingsmateriaal en programkodes wat hulle in die gang van hulle deelname aan konvensionele akademiese onderrigwerksaamhede ontwikkel, vrylik aan hulle dosente en ander deelnemende studente beskikbaar stel.

Studente moet ook kennis neem dat, hoewel rekenaarprogramme deur kopiereg beskerm word en gewoonlik nie patenteerbaar is nie, dit nie noodwendig geld indien 'n heel nuwe tegniese toepassing vir 'n rekenaarprogram ontwikkel word nie; in sulke gevalle kan ook 'n rekenaarprogram gepatenteer word. Indien studente hieroor onseker is, kan hulle die Innovus-KTO daaroor kontak.

Hoewel die Universiteit geregtig is op die eienaarskap van sagteware wat deur US-studente geskep word, ondersteun en bevorder die US dit dat studente oopbronsagteware skep en tot die ontwikkeling daarvan bydra.

In hierdie verband moet studente oplet dat die US regulatoriese goedkeuring vereis vir die oopbron- openbare openbaarmaking van sekere soorte sagteware wat aan die US geskep word. Studente wat sagteware ontwikkel in die gang van navorsing wat hulle aan die US verrig, moet gevolglik hulle studieleier raadpleeg voordat hulle dit openbaar maak en alle inligting


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

aan die studieleier verskaf wat nodig is om die voorgenome openbaarmaking te beoordeel. Studente wat bronkodes in die gang van konvensionele akademiese werksaamhede ontwikkel, hoef nie hulle studieleier te raadpleeg voordat hulle dit openbaar maak nie.

Indien en in soverre studente enige bestaande oopbronsagteware tydens hulle studies of navorsing aan die US gebruik, moet hulle hulle van die lisensievoorwaardes vir die gebruik van sodanige oopbronsagteware vergewis en dit nakom. Die Innovus-KTO kan 'n lys publiseer met oopbronlisensies wat risiko's vir sagtewareontwikkeling aan die US inhou. Studente wat beoog om bronkodes vir navorsingswerksaamhede aan die US te gebruik wat ingevolge sulke lisensies bekom is, moet goedkeuring by hulle studieleier kry voordat hulle daardie bronkodes gebruik.

### 3.2.3 BEPALINGS OOR UITVINDINGS, ONTWERPE, PLANTTELERSREGTE EN KUNDIGHEID

Alle regte, belange en aanspraak ten opsigte van enige uitvinding, planttelersreg, ontwerp, handelsgeheim en verwante kundigheid – hetsy geregistreer of nie – wat studente as deel van hulle studies en/of navorsing aan die Universiteit skep, setel vanaf regsweë in die US ingevolge die Wet op IE-regte; en, in soverre dit nié vanaf regsweë so setel nie, moet studente sodanige regte, eienaarskap en belang aan die US oormaak. Tensy anders ooreengekom, sluit voorgenoemde alle regte, aanspraak en belange in uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, handelsgeheime en verwante kundigheid in wat studente ontwikkel het in die spesialisasieveld waarin hulle aan die US studeer en tydens die duur van sodanige studies.

Die werkstukke hier bo sluit alle regte, aanspraak en belange in enige uitvinding, ontwerp of plantvariëteit in wat studente tydens hulle studies ontwikkel het, selfs al word aansoek om registrasie van 'n patent, ontwerp of planttelersreg gedoen nadat die student se verbintenis met die US beëindig is.

Alle uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, handelsgeheime en verwante kundigheid wat studente ontwikkel terwyl hulle aan die US studeer en wat met die spesialisasieveld verband hou waarin hulle aan die US studeer, word geag (i) uit openbaar befondsde N&O aan die US te gespruit het, tensy die student kan aantoon dat sodanige IE ontstaan het uit privaat befondsde N&O waarvoor die US gekontrakteer het en wat op volkostegrondslag verrig is; en (ii) in die uitvoering van die student se verpligtings teenoor die US ontwikkel is, tensy die student die teendeel kan bewys op grond van 'n ooreenkoms, logboek of soortgelyke bewysmateriaal. Enige sodanige uitvinding, plantvariëteit, ontwerp, handelsgeheim en verwante kundigheid wat openbaar gemaak word binne 12 (twaalf) maande nadat 'n student die US verlaat het, word ook gereken te gespruit het uit openbaar befondsde N&O aan die US en te ontwikkel het as deel en binne die bestek van die student se studies aan die US, tensy die student die teendeel kan bewys op grond van 'n ooreenkoms, logboek of soortgelyke bewysmateriaal.

### 3.2.4 EKSTERNE ORGANISASIES WAT BEURSE TOESTAAN

Waar eksterne organisasies studiebeurse of beurse aan studente toestaan om aan die US te studeer, en aanspraak maak op die regte ten opsigte van IE wat uit daardie studente se studies of navorsing ontstaan, moet sodanige organisasies die ANO (handelend in oorleg met die Innovus-KTO) nader om die toestaan van daardie regte te bespreek. Studente mag sulke regte geensins regstreeks aan 'n eksterne organisasie verleen nie. Die eksterne organisasie moet vooraf kontraktueel met die US ooreenkom oor die eienaarskap en ontginning van IE wat uit die student se studie of navorsing aan of vir die US sou kon spruit. Sodanige ooreenkoms is onderhewig aan enige toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk, asook hoe dit op openbaar befondsde N&O aan die US mag betrekking hê. Die student het die verantwoordelikheid om bystand met die sluit van sodanige ooreenkoms te verleen.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Studente en beursverskaffers moet in die besonder oplet dat 'n studiebeurs of beurs wat aan 'n student, of aan die US namens 'n student, betaal word om die studiekoste (bv. verblyf- en onderriggeld) vir studies aan die US te betaal, nie die volkoste van die student se studies of navorsing dek nie. Sodanige studie en navorsing word ook uit openbare fondse gesubsidieer, daarom setel die IE wat in die konteks van sodanige studies en navorsing tot stand kom, vanaf regsweë in die US. Enige onafhanklike oordrag of verlening van IE-regte deur die student rakende sodanige IE is dus ongeldig en onafdwingbaar.

Studente deel in die finansiële voordeel uit die kommersiële toepassing van IE wat hulle geskep het op dieselfde manier as US-personeel, soos in Deel 5 van hierdie BIE uiteengesit, tensy die US en die student skriftelik anders ooreengekom het.

### 3.2.5 IE WAT IN STUDENTE SETEL

Indien studente daarop aanspraak maak dat IE-eienaarskap in hulle self setel, moet hulle redelike bewys daarvan aan die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering by die Innovus-KTO voorlê dat sodanige IE nie as deel en binne die bestek van hulle studies of die verrigting van navorsing aan of vir die US ontstaan het nie. Indien studente enige sodanige IE wat in hulle setel, kommersieel wil ontgin, word hulle sterk aangeraai om die Innovus-KTO te kontak om advies en bystand.

### 3.2.6 VOORSIENING VIR VOORAFBESTAANDE IE

Studente wat beoog om 'n werkopdrag of tesis (bv. vir 'n honneurs- of magistergraad) of 'n proefskrif (vir 'n doktorsgraad) voor te lê wat voorafbestaande IE bevat ten opsigte waarvan 'n eksterne entiteit oor die regte beskik (hoewel die student dit dalk ontwikkel het) – byvoorbeeld IE wat studente vantevore onder kontrak met 'n eksterne organisasie ontwikkel het (onder meer as werknemers of konsultante) – moet daardie studente dit aan die US openbaar voordat hulle registreer óf so gou moontlik nadat hulle daarvan bewus geraak het. Die US is geensins verplig om sodanige insluiting (van voorafbestaande IE) te aanvaar nie. Sien in hierdie verband ook paragraaf 3.2.1 hier bo.

Studente moet die omvang van die regte van eksterne organisasies op voorafbestaande IE openbaar maak, en moet die toestemming bekom wat die US mag vereis om sulke voorafbestaande IE in te sluit in die materiaal wat daardie studente aan die US voorlê. Die US kan besluit om 'n ooreenkoms aangaande die voorafbestaande IE wat in 'n student se werkopdrag/tesis/proefskrif openbaar gemaak is of daarmee verband hou, met die betrokke eksterne organisasie te beding. In so 'n geval sal die US die alleeneienaar wees van die kopiereg op die werkstuk/tesis/proefskrif wat voorgelê word, hoewel voorafbestaande IE daarby ingesluit is. Verder sal die US die alleeneienaar wees van die IE in enige verbetering, verfyning of wysiging aan die voorafbestaande IE wat uit daardie student se werk voortspruit.

Daarbenewens sal die US die reg aanvra om die inhoud van die voorgelegde materiaal so gou redelik moontlik te publiseer. In uitsonderlike omstandighede kan die US instem om sodanige publikasie te vertraag, maar dit is Universiteitsbeleid om geen werkstuk/tesis/proefskrif vir langer as drie jaar vertroulik te hou nie. Tensy daar skriftelik anders ooreengekom word, behou die Universiteit dus die reg voor om enige werkstuk/tesis/proefskrif wat aan die US ingedien word op enige manier te publiseer wat die US gepas ag.

### 3.2.7 WERKSTUKKE, PROEFSKRIFTE EN TESISSE

Ingevolge paragraaf 3.2.2 beskik die US oor die kopiereg op werkstukke/tesisse/proefskrifte en mag die US sodanige werk na goeddunke publiseer, hetsy in papier- en/of elektroniese formaat. Studente, in die besonder nagraadse studente, moet hulle werkstukke, proefskrifte en tesisse dus vertroulik hanteer voor publikasie. Studente word aangemoedig om hulle


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

werkstuk/tesis/proefskrif of 'n aangepaste weergawe daarvan in 'n vaktydskrif of as 'n boek te publiseer of te laat publiseer; met dien verstande dat die ander voorwaardes in hierdie Beleid, in die besonder paragraaf 4.3 hiervan, voor sodanige publikasie nagekom word in soverre dit die openbaarmaking van uitvindings, ontwerpe en nuwe plantvariëteite aan die Innovus-KTO betref. Studente moet vooraf skriftelike toestemming vanaf die US verkry voordat hulle sodanige publikasie deurvoer. Studente moet vooraf skriftelike toestemming vanaf hulle studieleier bekom vir doeleindes daarvan om hulle werk as artikels in akademiese vaktydskrifte, hoofstukke in ewekniebeoordeelde boeke of as deel van die stukke van 'n akademiese konferensie te publiseer. Wat alle ander soorte publikasies betref, akademiese handboeke ingesluit, moet studente met Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse skakel om sodanige skriftelike goedkeuring te bekom. Studente en hulle studieleiers moet sorg dat openbaarmaking van alle uitvindings, nuwe ontwerpe en nuwe plantvariëteite voor publikasie geskied, sodat die Innovus-IKO om registreerbare regte in verband daarmee kan aansoek doen soos in die Wet op IE-regte voorsien.

In sodanige artikels in akademiese vaktydskrifte of stukke van akademiese konferensies wat vir hierdie doeleindes deur die US erken word, moet studente erkenning gee dat die navorsing daarin vervat aan die US verrig is. Die US mag die vorm voorskryf wat sodanige erkenning moet aanneem.

Ingevolge Afdeling 5 en 6 van hierdie BIE mag die US patente, planttelersregte en ontwerpe en verwante kundigheid ontgin wat uit studente se werkstukke/tesisse/proefskrifte voortspruit.

#### 3.2.8 REGERINGSREGTE

Studente moet ook let op die regte van die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van IE wat spruit uit alle openbaar befondsde N&O, soos in die Wet op IE-regte en die Regulasies daarby vervat. Hierdie regulatoriese en wetgewende raamwerk is nie van toepassing op kopieregwerk in verband met konvensionele akademiese werk of IE wat uit navorsing voortspruit waarvan die volkoste (soos in Deel 1 van hierdie BIE omskryf) deur 'n eksterne persoon of entiteit befonds word nie. Die Innovus-KTO help studente om te bepaal of die regulatoriese en wetgewende raamwerk op hulle besondere navorsing van toepassing is, maar studente moet in die algemeen aanvaar dat dit wel die geval is, totdat die Innovus-KTO hulle van die teendeel in kennis stel.

Die US moet gereeld aan NIPMO verslag doen oor IE wat US-personeel en -studente skep. Indien die US hierin sou versuim, kan NIPMO eis dat ongeopenbaarde IE aan hulle oorgedra word. Studente en eksterne organisasies wat by navorsingskontrakte betrokke is, moet tot sodanige openbaarmaking instem. NIPMO word statutêr verplig om sodanige openbaar gemaakte inligting vertroulik te hou.

In gevalle waar die US nie self eienaarskap wil behou nie, het NIPMO gewoonlik ook die eerste opsie om eienaarskap te verkry van IE wat uit openbaar befondsde navorsing voortspruit en om statutêre beskerming in verband daarmee aan te vra. Slegs as NIPMO die verkryging van eienaarskap in sodanige IE van die hand wys, kan die US die geleentheid om daardie IE te verkry aanbied aan, eerstens, enige tersaaklike eksterne organisasie en, tweedens, die betrokke student. Weer eens is dit nie toepaslik op N&O waarvan 'n eksterne organisasie die volkoste gedra het nie.

### 3.3 BUITENGEWONE NAVORSERS EN DOSENTE, EN NADOKTORALE GENOTE

Die bepalings van paragraaf 3.1 van hierdie Beleid, rakende US-personeel, geld *mutatis mutandis* ten opsigte van IE wat geskep word deur nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente wat aan die US verbonde is, as deel en binne die bestek van hulle verbintenis met die US; tensy


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

andersins ooreengekom. Nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente moet die bepalings van hierdie Beleid nakom. Hulle bevestig dat, sou hulle tydens hulle verbintenis aan die US by enige US-navorsingsprojek betrokke raak wat die skepping van IE ten gevolge mag hê, sodanige IE in die US sal setel indien die IE uit openbaar befondsde N&O aan die US gespruit het. In soverre sodanige IE nie vanaf regsweë in die US setel nie, onderneem nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente om sodanige IE ingevolge hierdie Beleid oor te dra en oor te maak, en maak hulle dit aan die US oor; om nie hulle eie regte (ook morele regte) af te dwing nie en ten gunste van die US daarvan afstand te doen; en dat alleenlik die US die uitsluitlike reg sal hê om sodanige regte te gebruik, te ontgin en af te dwing, sonder enige beperking of inperking op die US se eienaarskap daarvan. Nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente onderneem ook om kopiereg in sodanige IE weer oor te maak, en maak dit opnuut oor, in soverre die aanvanklike of enige daaropvolgende oormaking vanaf die toepaslike regsweë aan tydsbeperking onderhewig is.

Die US maak aanspraak op IE van nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente slegs as dit ontstaan het of geskep is as deel en binne die bestek van hulle uitvoering van hulle verpligtinge teenoor die US tydens hulle verbintenis met die Universiteit, of wat op 'n later tydstip afgelei is uit sodanige IE of uit IE wat hulle tydens sodanige verbintenis aan die US beskikbaar gestel het. Die US vergoed nadoktorale genote en buitengewone navorsers en dosente vir inkomste wat uit IE-regte verdien is volgens dieselfde beginsels as dié wat ooreenkomstig Deel 5 van hierdie Beleid op US-personeel van toepassing is.

### 3.4 BESOEKENDE NAVORSERS EN DOSENTE

Daar mag van besoekende navorsers en dosente vereis word om voor hulle besoek te onderneem om enige vertroulike inligting waarvan hulle tydens hulle besoek aan die US mag kennis neem, vertroulik te hou en dit te gebruik slegs soos deur die US toegelaat.

Besoekende dosente bevestig dat die US alle onderrigmateriaal wat US-studente aan sodanige dosente beskikbaar stel (onder meer kursusmateriaal, klasnotas en toets- en eksamenskrifte), mag kopieer en versprei aan alle personeel en studente wat by die tersaaklike studiekursus betrokke is en aan alle persone wat met die administrasie, akkreditasie of oorsig rakende daardie studiekursus gemoeid is. Daar kan van besoekende dosente verwag word om 'n afskrif van alle sodanige onderrigmateriaal te verskaf aan die US-personeellid wat vir die toesighouding oor die betrokke studiekursus verantwoordelik is.

Besoekende navorsers bevestig dat alle IE wat in die verrigting van navorsing aan die US ontwikkel word, in die US setel. Sou besoekende navorsers besluit om by 'n US-navorsingsprojek betrokke te raak, gaan hulle daarmee akkoord dat daar van hulle vereis mag word om IE wat hulle as deel van daardie navorsingsprojek bydra, aan die US oor te maak.

Die US vergoed besoekende navorsers vir inkomste wat verdien is uit IE waartoe hulle bygedra het volgens dieselfde beginsels as dié wat ingevolge Deel 5 van hierdie Beleid op US-personeel van toepassing is.

### 3.5 EKSTERNE ORGANISASIES

Die verlening van 'n studiebeurs of beurs aan studente, of die verskaffing van finansiële steun vir navorsing, deur 'n eksterne organisasie impliseer nie dat die tersaaklike organisasie enige aanspraak het op die IE-regte wat uit sodanige befondsing sou kon spruit nie. Die IE-regte voortspruitend uit alle openbaar befondsde N&O aan die US, sowel as navorsing wat gedeeltelik deur eksterne organisasies befonds word, setel in die US. Dit sluit IE uit wat in samewerking met die navorsers van 'n eksterne organisasie ontwikkel word, in welke geval die US en die eksterne organisasie gewoonlik mede-eienaars van daardie IE is.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Indien 'n eksterne organisasie alle regte in die kommersiële ontginning van IE wat aan of vir die US ontwikkel is, wil verkry of daarin wil deel, moet die organisasie 'n kontrak met die US sluit en sal dit ingevolge paragraaf 3.1.4 hanteer word. Alle kontrakte tussen eksterne organisasies en die US met betrekking tot sodanige IE, ook navorsingskontrakte, moet op skrif gestel en amptelik deur die behoorlik gemagtigde persone ooreenkomstig US-beleid goedgekeur word. Sodanige ooreenkomste bereël gewoonlik die vestiging van eienaarskap en die regte op die ontginning van die tersaaklike IE, sowel as die verdeling van inkomste wat daaruit voortspruit. Al sulke ooreenkomste is onderhewig aan die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk, asook hoe dit op openbaar befondsde N&O aan die US betrekking mag hê (bv. die bepalings van die Wet op IE-regte en die Regulasies).

Die US se vermoë om regte op voortspruitende IE aan 'n eksterne organisasie te verleen, word hoofsaaklik bepaal deur die omvang van die eksterne organisasie se bydrae tot die navorsing. Sodanige bydraes kan insluit dat die organisasie die navorsing gefinansier het, fasiliteite of toerusting verskaf het, voorafbestaande IE bygedra het, of aan die werklike navorsingswerk en die kommersialisering daarvan deelgeneem het. Eksterne organisasies moet let op die regte van die Suid-Afrikaanse regering rakende IE wat spruit uit alle openbaar befondsde N&O soos in die Wet op IE-regte en die Regulasies daarby vervat. Die US moet daardie regulatoriese en wetgewende raamwerk nakom.

Voormelde raamwerk is nie van toepassing op kopieregwerk wat ontstaan uit konvensionele akademiese werk of IE wat voortspruit uit N&O waarvan die volkoste deur 'n eksterne persoon of entiteit befonds word nie. Die Innovus-KTO of die ANO kan eksterne organisasies help bepaal of die regulatoriese en wetgewende raamwerk op die besondere navorsing van toepassing is, maar organisasies moet gewoonlik aanvaar dat dit wel dit geval is totdat die gemagtigde persoon by die ANO gesertifiseer het dat die N&O aan die US Beleid oor Kosteberekening en Prysvasstelling van Navorsings- en Navorsingsverwante Kontrakte voldoen.

Ingevolge bogenoemde regulatoriese en wetgewende raamwerk moet die US gereeld aan NIPMO verslag doen oor IE wat ontstaan het uit openbaar befondsde N&O deur US-personeel en -studente. Sou die US hierin versuim, kan NIPMO eis dat IE wat nie openbaar gemaak is nie, aan NIPMO oorgedra word. Eksterne organisasies wat by navorsingskontrakte betrokke is, moet tot sodanige openbaarmaking instem. NIPMO word statutêr verplig om sodanige geopenbaarde inligting vertroulik te hou.

NIPMO het gewoonlik die eerste opsie om eienaarskap te verkry van IE wat uit openbaar befondsde N&O voortspruit, sou die US behoud van sodanige eienaarskap van die hand wys, en om statutêre beskerming in verband daarmee aan te vra. Slegs as NIPMO die verkryging van eienaarskap in sodanige IE van die hand wys, kan die US die geleentheid om daardie IE te verkry aanbied aan, eerstens, enige tersaaklike eksterne organisasie en, tweedens, die betrokke student. Weer eens geld dit nie ten opsigte van N&O waarvoor die eksterne organisasie die volkoste gedra het nie.

### 3.6 HANDELSMERKE

Die US is die eienaar van verskeie geregistreerde en ongeregistreerde handelsmerke, en behou alle regte voor rakende sodanige handelsmerke– onder meer die Universiteit se logo's, wapenskild, naam en die afkorting daarvan asook soortgelyke maniere waarop die Universiteit uitgeken word of wat andersins op 'n verbintenis met die US dui. Dit sluit onder meer die name MATIE, MATIELAND en COETZENBURG in; korporatiewe kleure, name en logo's wat deur departemente, institute, buro's of eenhede ontwikkel is of sou kon ontwikkel word; en die US en US-omgewings se onderskeie internetdomeinname. Die slagspreuk *Forward together / Sonke siya phambili / Saam vorentoe* is ook 'n US-handelsmerk ten opsigte waarvan alle regte voorbehou word.

Hierdie BIE geld nie ten opsigte van die gebruik of ontginning van US-handelsmerke nie; dít word in die Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch en


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

die US se Handelsmerkhandleiding bereël. Die gebruik van sodanige handelsmerke deur personeel, studente, nadoktorale navorsers en/of buitengewone en besoekende navorsers of dosente in die uitvoering van hulle pligte of studies moet voldoen aan die toepaslike riglyne (bv. vir briefhoofde) soos in die Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch en die US se Handelsmerkhandleiding uiteengesit. Die gebruik van US-handelsmerke vir privaat doeleindes of gewin deur personeel, studente, nadoktorale genote, buitengewone of besoekende navorsers of dosente, of lede van die publiek is streng verbode.

Die Universiteit mag aan kommersiële vennote lisensies uitreik om die US se naam of geregistreerde handelsmerke te gebruik. Sou 'n personeellid, student, nadoktorale genoot of buitengewone of besoekende navorser of dosent egter die US se handelsmerke buite die bestek van die Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch wou gebruik, moet hulle by Innovus se Afdeling Kopiereg, Handelsmerke en Kortkursusse aansoek om magtiging doen. Gebruik ingevolge sodanige magtiging sal onderworpe wees aan enige voorwaardes wat die US daarvoor mag stel.


**Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.**

# DEEL 4: PROSEDURES VIR DIE BESKERMING EN KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

## 4.1 AANDUIDING VAN IE

Die Innovus-KTO is daarvoor verantwoordelik om die US se IE te beskerm. Ten einde die Kantoor in staat te stel om hierdie funksie te verrig, word van alle tersaaklike bestuurders verwag om, met die medewerking van personeel en studente, met die Kantoor saam te werk en hulle daarin by te staan om IE wat binne die Universiteitsomgewing geskep word, aan te dui en te beskerm. Die Innovus-KTO ontgin sodanige IE in vennootskap met die bydraer(s) daartoe tot voordeel van die US, US-personeel en US-studente. Die Innovus-KTO is verantwoordelik vir die volgende dienste rakende die ontginning van uitvindings, plantvariëteite, ontwerpe, sakekonsepte en ander IE wat deur personeel en studente ontwikkel is:

- tegnologiese ondersoek om te bepaal of die IE beskermbaar is;
- beraming van die kommersiële potensiaal van die IE;
- ondersoek na kommersiële en lisensiëringsmoontlikhede;
- stappe ter registrasie waar gepas;
- voorlopige markontleding, bystand met die opstel van 'n sakeplan, ondersoek na ontginningsroetes (hetsy deur middel van lisensiëring, die verkoop van regte of die stigting van afwentelmaatskappye);
- ondersoek na finansieringsbronne, die vorming van vennootskappe en die opsporing van kopers;
- bedinging van sakekontrakte met kommersiële vennote;
- beskerming, monitering en voortgaande verlening van steun met betrekking tot IE nadat 'n kontrak met 'n vennoot gesluit is;
- bestuur van betrekkinge met kommersiële vennote en inkomstevloei uit kommersiële ontginning;
- skakeling met en verslagdoening aan NIPMO, en die verkryging van NIPMO-goedkeuring waar nodig; en
- verkryging van goedkeuring vanaf die Reserwebank, die Departement Finansiële Toesig en/of die Kommissie vir die Administrasie van Internasionale Handel.

In sekere gevalle mag die Innovus-KTO derde partye gebruik om met bogenoemde verantwoordelikhede bystand te verleen. Sommige kostes daaraan verbonde kan verhaal word van opbrengs uit die ontginning van die IE, op die grondslag soos in paragraaf 6.1 van hierdie BIE uiteengesit of, waar toepaslik, uit die Ondersteuningsfonds vir Intellektuele Eiendom wat ingevolge die Wet op IE-regte gestig is, in soverre NIPMO dit goedkeur. Indien die US nie in sodanige opbrengs deel nie, is die betrokke personeellid en/of student alleen vir sodanige koste verantwoordelik.

Daar word normaalweg van die personeel en/of studente verwag om by die kommersialiseringsproses betrokke te raak indien en in soverre die Innovus-KTO dit sou versoek. Personeel en studente onderneem dat hulle so betrokke sal raak en redelikerwys met die US en die Innovus-KTO in hierdie verband sal saamwerk, onder meer deur na derde partye te reis en perseelbesoeke daar toe doen ten einde kwessies op te los wat ontstaan in verband met die IE en/of die verdere ontwikkeling daarvan met die oog op kommersialisering.

Indien personeel of studente die Innovus-KTO nader met 'n voorstel vir die kommersiële ontginning van 'n sakekonsep of IE wat deur hulle ontwerp is en wat in hulle persoonlik setel, sal die Innovus-KTO die moontlikhede vir sodanige ontginning in vennootskap met die betrokke persoon ondersoek. Sou die Innovus-KTO, handelend namens die US, besluit dat die Universiteit nie by sodanige voorgenome ontginning gemoeid moet raak nie, staan dit die betrokke persone vanselfsprekend vry


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

om die konsep of IE wel vir hulle eie rekening (wins en verlies) te ontgin. Die Innovus-KTO kan wel in sulke gevalle bystand verleen, teen betaling van 'n markverwante fooi.

So ook, indien personeel of studente die Innovus-KTO nader met 'n voorstel vir die ontginning van IE wat hulle ontwikkel het of indien personeel of studente andersins aan die Kantoor IE openbaar maak wat in die US setel, moet die Innovus-KTO in oorleg met die betrokke persoon die moontlikhede vir die voorgenome kommersiële ontginning ondersoek. Die Innovus-KTO moet probeer om sulke ondersoeke binne ses maande af te handel, in voortgesette oorlegpleging met die personeellid of student. Daarna moet die Innovus-KTO die betrokke persoon skriftelik in kennis stel of dit met die voorgenome ontginning sal voortgaan of nie.

Besluite om IE wat in die US setel, te ontgin, moet geneem word ooreenkomstig die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk asook enige tersaaklike riglyne wat NIPMO van tyd tot tyd mag uitreik, en aan die betrokke persoon gekommunikeer word. Sou die Innovus-KTO besluit om openbaar befondsde IE kommersieel nie te ontgin nie, moet die Kantoor NIPMO van sodanige besluit verwittig, waarop NIPMO oormaking van die betrokke IE mag neem. In sulke gevalle is die US en die tersaaklike skepper(s) daarop geregtig om die IE vir verdere navorsings- en onderrigdoeleindes te gebruik.

Sou die Innovus-KTO verkies om nie betrokke te raak by die kommersiële ontginning van IE waarvan die eienaarskap in die US setel nie, kan die tersaaklike student of personeellid by die Innovus-KTO goedkeuring aanvra om self die voorgenome ontginning te onderneem. Die Kantoor kan die persoon in sulke gevalle bystaan, teen betaling van 'n markverwante fooi. Personeel en studente moet oplet dat die Innovus-KTO verplig is om die toepaslike regulatoriese en wetgewende raamwerk na te volg in die Kantoor se besluit om sodanige goedkeuring te verleen of nie. Die Kantoor mag spesifiek verplig wees om sodanige IE vir oormaking aan NIPMO en/of enige entiteit wat betrokke was by die befondsing van die N&O waaruit die tersaaklike IE ontspruit het, aan te bied, voordat die IE aan die tersaaklike personeellid of student aangebied mag word. Indien sodanige goedkeuring verleen word, is dit onderhewig aan die regering se regte ten opsigte van IE wat uit openbaar befondsde N&O ontstaan, en dit sluit die regte in om sulke IE vir doeleindes van gesondheid, veiligheid en nood in Suid-Afrika te benut en om eksklusiwiteit te beëindig en/of die verlening van verpligte lisensies te bekom rakende sodanige IE wat nie behoorlik gekommersialiseer is nie, soos wat ingevolge toepaslike wetgewing aan NIPMO verleen mag word.

## 4.2 REGISTREERBARE UITVINDINGS, ONTWERPE EN PLANTTELERSREGTE

Die vereiste dat IE van 'n nuwe aard moet wees is besonder belangrik wat patente, ontwerpe en planttelersregte betref. Alle IE-skeppers moet, wanneer die IE aan die Innovus-KTO geopenbaar word, in ag neem wat alreeds bekend is op die tegnologiese gebied wat met die uitvinding, ontwerp of planttelersreg verband hou (bestaande kundigheid). Bestaande kundigheid sluit enige openbaarmaking in, in watter vorm of formaat van nievertroulike aard ook al, met inbegrip van – sover dit uitvindings aangaan – alle publikasies oor en gebruike van soortgelyke produkte, prosesse en metodes, veral op die betrokke aanwendingsgebied. Voordat 'n uitvinding, ontwerp of planttelersreg openbaar gemaak word, moet die betrokke departementele voorsitter en/of dekaan 'n aanbeveling rakende die meriete daarvan maak wanneer openbaarmaking teenoor die Innovus-KTO plaasvind. Studente en personeel moet te alle tye verseker dat nuwe uitvindings, plantvariëteite en ontwerpe vertroulik gehou word, aangesien voortydige publikasie of openbare gebruik die US se geleentheid om 'n patent te vestig, kan vernietig en die geleentheid om 'n ontwerp te registreer of 'n nuwe plantvariëteit te beskerm, in mindere mate kan aantas. Indien sodanige voortydige openbaarmaking tot enigiemand se kennis kom, moet hulle die Innovus-KTO onverwyld daarvan inlig.

Verskeie vorme van IE-beskerming mag beskikbaar wees; die Innovus-KTO sal oor openbaarmaking besin en raad gee oor die mees gepaste manier om dit te beskerm.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

## 4.3 OPENBAARMAKING VAN IE

Ten einde die aanduiding en kommersialisering van nuwe IE te optimeer, moet daar so gou moontlik (hoe ook al, nie langer as 90 dae na vestiging nie) aan die Innovus-KTO geopenbaar word dat IE gekonseptualiseer of ontwikkel is of dat 'n sakekonsep of besigheidsidee uitgewerk is wat kommersieel lewensvatbaar mag wees. Sodanige openbaarmaking moet geskied deur die voorgeskrewe Vorm vir die Openbaarmaking van Innovasie in te vul, wat by die Innovus-KTO te kry is.

Ingevolge die Wet op IE-regte mag NIPMO aanspraak maak op IE wat met behulp van openbare fondse geskep is en nie aan NIPMO geopenbaar is nie. Dit is dus noodsaaklik dat alle IE wat aan die US geskep is aan die Innovus-KTO geopenbaar word sodat die Kantoor die IE kan aanmeld en vir kommersiële werkbaarheid kan oorweeg en aan NIPMO daaroor kan verslag doen. Navorsingskontrakte aan die US word bestuur deur die ANO, wat met die Innovus-KTO skakel en die nodige insette van die Kantoor bekom wanneer gepas. Na openbaarmaking is die Innovus-KTO daarvoor verantwoordelik om gepaste maatreëls te tref om die potensiaal van die geopenbaarde IE te beoordeel, dit te beskerm en dit te ontgin soos in paragraaf 4.1 hier bo uiteengesit.

Alle navorsers moet volledige en akkurate rekords ter ondersteuning van innovasiewerk opbou, aangesien stawende bewyse vereis word om aansoeke om formele IE-beskerming op te stel. Voorbeelde van materiaal wat veilig bewaar moet word, is alle navorsingsmateriaal en -resultate, ontwerpmateriaal, en die bronkode van enige nuut ontwikkelde sagteware.

Nuwe IE moet vertroulik hanteer en nie in die openbaar bekendgemaak word nie totdat gepaste beskerming daarvan bekom is. In sommige gevalle mag dit nodig wees om goedkeuring by NIPMO te bekom voordat IE in die openbaar bekendgemaak word. Die Innovus-KTO sal probeer sorg dat die tydperk van nieopenbaarmaking so kort moontlik is. Navorsers in vennootskap met die Innovus-KTO moet alle redelike maatreëls tref om ongemagtigde openbaarmaking van data en materiaal wat op enige nuwe IE betrekking het (ook enige nuwe uitvinding, ontwerp en/of plantvariëteit) te voorkom.

## 4.4 REGISTRASIE VAN PATENTE, ONTWERPE EN PLANTTELERSREGTE

Die Innovus-KTO besluit oor die gepaste IE-beskerming, en die vervolging en handhawing in daardie verband, onderhewig aan die bepalings van die Wet op IE-regte en die Regulasies asook enige praktyksnotas wat NIPMO van tyd tot tyd mag uitreik. Die US dra die koste van 'n aansoek om geregistreerde IE, en om die gepaardgaande vervolging en handhawing te verrig; behalwe in soverre anders met enige lisensiehouer of IE-bydraer ooreengekom is.

In gevalle waar die Innovus-KTO besluit om nie formele IE-beskerming aan te vra vir registreerbare IE wat uit openbaar befondsde N&O ontstaan het nie, is die Innovus-KNO vanaf regsweë verplig om NIPMO van sodanige besluit te verwittig en redes vir die besluit te verstrek. NIPMO kan vervolgens besluit om eienaarskap van die IE te verkry óf eis dat die IE aan derde partye vir verkryging aangebied word. Indien eienaarskap van die IE nie verkry word soos vermeld nie, en 'n privaat organisasie het befondsing tot die ontwikkeling van die IE bygedra, moet die Innovus-KTO sodanige privaat organisasie die opsie gee om die IE te verkry en wetlike beskerming van daardie regte te bekom. Sou daar geen sodanige privaat organisasie wees nie, of sou sodanige organisasie besluit om nie die IE te verkry nie, kry die IE-bydraer(s) die opsie om eienaarskap daarvan te verkry en vir hulle eie rekening voort te gaan om aansoek om registrasie te doen en die gepaardgaande handhawing en vervolging te verrig.

Indien die Innovus-KTO, handelend namens die US, nie goedkeuring daartoe verleen het nie, mag geen personeellid of student op eie inisiatief of onafhanklik voortgaan om *via* 'n patentprokureur aansoek te doen om 'n registreerbare IE-reg wat as deel en binne die bestek van hulle pligte of studies ontstaan het nie, aangesien eienaarskap daarvan in die US setel.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Die Innovus-KTO bepaal die geografiese gebied waarbinne registreerbare IE-regte beskerm sal word. Indien 'n IE-bydraer van mening is dat registreerbare IE-regte ook in ander lande geregistreer moet word, moet die Innovus-KTO daartoe bekom word. Die verstandhouding is dat IE-bydraers versoek kan word om die koste wat met sodanige verdere aansoeke gepaardgaan, te dra, hetsy in die geheel of gedeeltelik. Indien IE-bydraers bereid is om die koste van sodanige verdere registrasies te dra, kan hulle met die Innovus-KTO beding om 'n groter porsie van die opbrengs uit die betrokke bykomende geografiese gebied, wat dan verdeel sal word op die grondslag waarop ooreengekom word en nie volgens die bepalings vervat in Deel 6 van hierdie BIE nie.

## 4.5 SAGTEWARE

Kopieregbeskerming is op sagteware van toepassing, maar in sekere gevalle is patentreg ook toepaslik – waar die beskerming nie op die sagteware op sigself gerig is nie maar die toepassing daarvan of gebruiksmetodes van die sagteware kan insluit. Patenteerbare uitvindings waarby sagteware betrokke is word ooreenkomstig die voorafgaande paragrawe in hierdie Deel 4 hanteer.

Die vestiging van kopiereg in sagteware word uiteengesit in Deel 3, paragraaf 3.1.2 en 3.2.2. Veral kontrakwerkers moet versigtig wees rakende sagteware wat in die verrigting van hulle werk ontwikkel word. Wanneer werknemers of kontrakwerkers se diens by of kontrak met die US beëindig word of verstryk het, is dit vir hulle verbode om enige sagteware wat hulle in die gewone verrigting en bestek van hulle pligte aan die US ontwikkel het – ingesluit alle gepaardgaande ontwikkelingsmateriaal, hetsy skriftelik, elektronies of in enige ander formaat – te gebruik, te versprei, te verwyder, te reproduseer of andersins 'n kopie van te neem tensy die US dit uitdruklik goedgekeur het. Hulle moet ook 'n kopie van sodanige sagteware en die gepaardgaande ontwikkelingsmateriaal oorhandig aan die persoon by die US aan wie hulle voor hulle vertrek verslag gedoen het. Voorts moet personeel die inhoud, struktuur en metodologie van sodanige sagteware te alle tye vertroulik hou, terwyl hulle in diens van die US is sowel as daarná, tensy die US uitdruklik goedgekeur het dat dit openbaar gemaak mag word.

Personeel en studente mag besluit om die inhoud, struktuur en metodologie van sagteware wat hulle ontwikkel het, openbaar te maak, mits die sagteware nie onder een van die kategorieë soos hier onder uiteengesit ressorteer nie.

- Kategorie 1: sagteware waarvan NIPMO die openbare bekendmaking moet goedkeur;
- Kategorie 2: sagteware wat 'n patenteerbare uitvinding of ander vorm van beskermbare IE soos in paragraaf 4.2 hier bo uiteengesit, openbaar maak; en
- Kategorie 3: sagteware met beduidende kommersiële waarde of kommersialiseringspotensiaal.

Wat Kategorie 1 betref, moet NIPMO se goedkeuring bekom word vir die openbare bekendmaking van sagteware wat ontstaan uit die verrigting van grondslagnavorsing wat sistematiese ondersoekende of eksperimentele ontwikkelingswerk daarstel en waar die resultaat van sodanige werksaamhede onbekend of onseker is; byvoorbeeld –

- die ontwikkeling van 'n nuwe bedryfstelsel of -taal,
- die ontwikkeling en inwerkingstelling van 'n nuwe soekenjin wat op oorspronklike tegnologieë begrond is,
- die oplossing van 'n konflik binne hardeware of sagteware wat begrond is op 'n proses wat 'n stelsel of netwerk hergenieer,
- die skepping van 'n nuwe of doeltreffender algoritme wat op 'n nuwe tegniek begrond is (d.w.s. 'n voorheen onbekende en ongepubliseerde tegniek), en
- die skepping van 'n nuwe en oorspronklike enkripsie- of beveiligingstegniek.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Sagteware wat onder enigeen van hierdie drie kategorieë ressorteer moet op die voorgeskrewe manier aan die Innovus-KTO geopenbaar word voor enige openbare bekendmaking, en die betrokke personeellid moet met die Innovus-KTO ooreenkom op die manier en voorwaardes van die openbare bekendmaking daarvan. Sodanige openbaarmaking aan die Innovus-KTO moet by wyse van die voorgeskrewe Vorm vir die Openbaarmaking van Innovasie geskied. Sagteware wat vir die doeleindes van deelname aan of demonstrasie tydens konvensionele akademiese onderrigaktiwiteite ontwikkel word, hoef nie aan die Innovus-KTO openbaar gemaak te word nie, tensy sodanige sagteware moontlik ook vir ander doeleindes aangewend kan word. Belangrik: Ondanks sodanige nieopenbaarmaking setel die eienaarskap van die IE in sulke sagteware steeds in die US.

Die bronkode van sagteware wat aan die US ontwikkel is moet, wanneer die ontwikkeling afgehandel is – en, in die geval van voortgesette ontwikkeling, met die afhandeling van elke weergawe daarvan – aan die US oorhandig word ooreenkomstig die instruksies van die studieleier van die studente of personeel wat vir die ontwikkeling daarvan verantwoordelik is en ooreenkomstig die US se Regulasies vir Navorsingsdatabestuur. In alle gevalle waar 'n personeellid se verpligtinge afgehandel of diens beëindig word, of waar 'n student se studies afgehandel of beëindig word, moet alle ontwikkelingsmateriaal en alle bestaande weergawes van die bronkode waarvoor die US lisensies uitreik, oorhandig word aan die Innovus-KTO of aan sodanige ander persoon wat die Innovus-KTO vir sodanige ontvangs aangewys het.

## 4.6 OORMAKING EN LISENSIËRING VAN IE

Die US kan via die Innovus-KTO ooreenkomste met sakevennote sluit om die IE wat Universiteitspersoneel en -studente ontwikkel het, kommersieel te ontgin. Sodanige ooreenkomste kan die oormaking of lisensiëring van sodanige IE aan sakevennote insluit. Sodanige ooreenkomste moet die regulatoriese en wetgewende raamwerk nakom wat van toepassing is op IE wat uit openbaar befondsde N&O voortkom, tensy alle betrokke IE gespruit het uit N&O wat teen volkoste deur 'n privaat organisasie befonds is of die betrokke IE 'n kopieregdraende werk behels wat slegs met konvensionele akademiese werk verband hou. Die regulatoriese en wetgewende raamwerk wat toepaslik is op IE uit openbaar befondsde N&O sluit die Wet op IE-regte en die Regulasies wat ten opsigte daarvan uitgereik is, in en verg dat transaksies rakende sulke IE die volgende in ag neem:

- Nie-eksklusiewe lisensiëring kry voorkeur.
- BBSEB (breëbasis- swart ekonomies bemagtigde) entiteite en klein ondernemings kry voorkeur.
- Partye wat die IE wil aanwend op maniere wat die ekonomie en lewensgehalte van die mense van Suid-Afrika optimaal sal bevoordeel, kry voorkeur.
- Partye wat wesenlik bygedra het tot die N&O waaruit die IE gespruit het, kry voorkeur.
- Elke IE-transaksie moet 'n onherroeplike en tantièmevrye lisensie aan die Suid-Afrikaanse regering verskaf om die IE wêreldwyd vir doeleindes van gesondheid, veiligheid en nood in Suid-Afrika te gebruik.
- Elke IE-transaksie moet die voorwaarde bevat dat, sou 'n party versuim om die IE tot voordeel van die mense van Suid-Afrika aan te wend, die regering daarop geregtig sal wees om die verlening van verpligte lisensies te verkry nadat die tersaaklike wetlike proses deurloop is.
- 'n Privaat entiteit of organisasie kan 'n eksklusiewe lisensie bekom vir IE wat uit openbaar befondsde N&O voortkom, indien dit daartoe in staat is om die IE tot voordeel van die land te bestuur en te kommersialiseer.
- Eksklusiewe lisensies moet, waar moontlik, onderneem om die IE binne Suid-Afrika te vervaardig, te verwerk en andersins te kommersialiseer.
- Indien dit voor die verstryking van die lisensietermyn blyk dat die houer van 'n eksklusiewe lisensie nie met die kommersialisering van die IE binne Suid-Afrika kan voortgaan nie, moet die US binne 30 dae nadat die Universiteit van sodanige onvermoë bewus geraak het


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

volledige redes aan NIPMO verstrek hoekom enige eksklusiwiteit behou moet word. In die afwesigheid van voldoende redes kan NIPMO die eksklusiewe regte van die lisensiehouer beëindig.

- Elke oormaking van IE deur die US aan 'n klein onderneming in ruil vir aandeelhouding as vergoeding moet 'n voorwaarde insluit wat bepaal dat, sou daardie klein onderneming gelikwideer word, die IE na die US sal terugval.
- IE-transaksies wat behels dat die US IE oormaak verg, waar toepaslik, goedkeuring deur NIPMO en soms deur die Reserwebank se Departement Finansiële Toesig.
- NIPMO moet, waar toepaslik, voorafkennisgewing van buitelandse IE-transaksies ontvang en sodanige transaksies moet voldoen aan alle toepaslike regulasies en riglyne wat NIPMO – en, waar nodig, die Reserwebank se Departement Finansiële Toesig – uitgereik of andersins goedgekeur het.
- In die geval van 'n buitelandse IE-transaksie in die vorm van oormaking of eksklusiewe lisensie moet NIPMO tevrede gestel word dat daar onvoldoende vermoë in Suid-Afrika bestaan om die IE plaaslik te ontwikkel en te kommersialiseer, en dat Suid-Afrikaners by sodanige buitelandse transaksie sal baat.
- NIPMO-goedkeuring moet bekom word vir alle tantièmevrye lisensies en lisensies waarvoor die vergoeding nie sonder bevoorregting geskied nie. Sodanige lisensies in die buiteland verg ook goedkeuring deur die Reserwebank se Departement Finansiële Toesig.
- Die US is vanaf regsweë verplig om vooraf vas te stel of enige voornemende eksklusiewe lisensiehouer daartoe in staat is om die tersaaklike IE in die gelisensieerde gebiede te ontwikkel en te kommersialiseer.


**Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.**

# DEEL 5: PROSEDURES VIR DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM DEUR AFWENTELMAATSKAPPYE

Die US is tot die kommersialisering van Universiteits-IE verbind, en ondersteun die stigting van afwentelmaatskappye met daardie oogmerk waar toepaslik en indien kommersieel lewensvatbaar. US-personeel en -studente mag, indien behoorlik daartoe gemagtig, betrokke wees by die stigting van sodanige afwentelmaatskappye, wat deur die Innovus-KTO gestig en geïnkorporeer moet word. US-personeel en -studente mag geen belang hê in of betrokke wees by privaat maatskappye, beslote korporasies of ander afsonderlike entiteite of ondernemings wat IE ontgin wat aan of vir die US geskep is nie, tensy skriftelike goedkeuring vanaf die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering bekom is. Enige sodanige betrokkenheid moet die US se ander beleide navolg wat op studente en personeel van toepassing is. Personeel moet ook die nodige magtiging ooreenkomstig die US se Algemene Prosedure vir Privaat Werk bekom om privaat werk te mag verrig.

## 5.1 MAATSKAPPYSTRUKTURE

Sou die Innovus-KTO – na oorlegpleging met die IE-bydraer(s) of die promotor van 'n besigheidsidee – besluit om sodanige IE of besigheidsidee te ontgin deur 'n afwentelonderneming te stig, moet die Kantoor dit doen deur 'n afsonderlike onderneming te stig waarin die US of 'n filiaal of vennootmaatskappy wat deur die US benoem is (bv. University of Stellenbosch Enterprises [Edms] Bpk), IE-bydraers en ander moontlike vennote aandele of ledebelang kan bekom na gelang van die voorafooreenkoms met die Innovus-KTO.

US-personeel mag by geen ander privaat maatskappye, beslote korporasies of ander afsonderlike entiteite of ondernemings betrokke wees wat met die US meeding – onder meer wat die verrigting van onderrig, navorsing of ander primêre funksies van die Universiteit betref – nie. In hierdie verband moet personeel oplet dat hulle moet seker maak dat navorsingsfondse wat hulle bekom vir navorsing wat hulle aan die US gaan verrig, regstreeks aan die Universiteit oorbetaal word. Dit is verbode vir personeel om belange te hê in enige privaat entiteit wat navorsingsfondse bekom vir navorsing wat aan die US verrig moet word, tensy (i) die personeellid se lynbestuurder en die betrokke dekaan goedkeuring ingevolge die US se Beleid oor Botsende Belange verleen het en (ii) die skriftelike goedkeuring van die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering vooraf bekom is.

Geen personeellid wat betrokke is by 'n afwentelonderneming of ander onderneming wat in vennootskap met die US is, mag met sodanige onderneming meeding of by enige ander entiteit betrokke wees wat met sodanige onderneming meeding deur soortgelyke goedere of dienste te verskaf nie, tensy skriftelike toestemming vooraf vanaf die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering vooraf bekom is.

Die US mag weier dat meer as een afwentelonderneming in dieselfde sektor gestig word. Privaat of afwentelondernemings wat in mededinging met sulke ondernemings sake doen, kan dus verbied word, en daarmee saam die betrokkenheid van enige US-werknemers by sodanige mededinger-ondernemings, tensy die skriftelike magtiging van die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering vooraf bekom is.

Die US behou die reg voor om 'n afwentelstrategie vir afwentelmaatskappye te ontwikkel en deur te voer met die verstandhouding dat elke enkele IE-transaksie wat behels dat IE oorgemaak word aan 'n onderneming soos in hierdie Deel 5 bedoel, ingevolge die Wet op IE-regte 'n voorwaarde moet bevat dat, sou die onderneming gelikwideer word, die IE na die US sal terugval.

## 5.2 STAPPE IN DIE STIGTING VAN AFWENTELMAATSKAPPYE


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

Die Innovus-KTO ondersoek die kommersiële lewensvatbaarheid daarvan om ’n afwentelmaatskappy te stig nadat die voorgeskrewe Vorm vir Openbaarmaking van ’n Onderneming ingevul en by hulle ingedien is. Indien die Direkteur: Tegnologieoordrag in samewerking met die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering bepaal dat ’n afwentelmaatskappy lewensvatbaar is, word ’n proses gevolg om sodanige onderneming te stig. Die proses word deur die Innovus-KTO bepaal en kan die volgende insluit:

- Wys geskikte uitvoerende beamptes en sleutelpersoneellede uit wat by die onderneming betrek kan word, en skakel met hulle.
- Verskaf ondersteuning en, waar nodig, opleiding aan personeel, onder meer deur middel van gepaste mentorskap.
- Help om ’n sakeplan te ontwikkel.
- Wys strategiese vennote, onder meer befondsers en bedryfsvennote, vir die onderneming uit.
- Help om beginkapitaal te bekom.
- Bekom inkubasieruimte en toegang tot noodsaaklike infrastruktuur en fasiliteite, onder meer kommunikasiefasiliteite.
- Verskaf of help bekom noodsaaklike dienste, soos administratiewe-, IT-, regs- en finansiële dienste aan die onderneming.

Die dokument met Innovus se voorwaardes vir afwentelmaatskappye word gereeld bygewerk om ’n omvattende lys daar te stel van dienste wat die Innovus-KTO bied, sowel as die regulatoriese en wetgewende raamwerk, verwagtings rakende oorsigbestuur en die proses om ’n afwentelmaatskappy aan die US tot stand te bring. Die dokument ten opsigte van Innovus afwentelmaatskappy-voorwaardes is by die Innovus-KTO te kry. Die Innovus-KTO kan die dienste en ondersteuning soos hier bo beskryf aan die nuwe onderneming verskaf óf in ruil vir ekwiteit óf teen betaling. Die Innovus-KTO mag vereis dat ’n skriftelike ooreenkoms in hierdie verband aangegaan word.

Geen afwentelonderneming mag ’n US-perseel as die onderneming se hoof-sakeperseel gebruik nie, tensy die Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering dit goedgekeur het. Afsonderlike inkubasiefasiliteite wat die US spesiaal vir beginnermaatskappye beskikbaar stel, is hiervan uitgesluit. Wat die gebruik van US-kantoorruimte of -laboratoriumtoerusting betref, moet ’n huurooreenkoms eers met die afwentelmaatskappy in daardie verband aangegaan word. Sodanige huurooreenkomste moet die akademiese belange van die US te alle tye voorop stel en SunKom, ’n afdeling van Innovus, is vir die aangaan en bestuur van sulke ooreenkomste verantwoordelik.

### 5.3 BOTSENDE BELANGE

US-personeel moet die Universiteit se Beleid oor Botsende Belange nakom wanneer hulle by afwentelmaatskappye betrokke raak. Personeellede is verplig om hulle belange in privaat ondernemings en entiteite aan hulle departementele voorsitter en/of dekaan te openbaar, ongeag of ’n US-onderneming betrokke is of nie. “Belange” sluit direkteurskappe, aandeelhouding, ledebelange en deeltydse aanstellings in.

Personeel moet spesifieke skriftelike openbaarmaking rig aan die US se Hoofdirekteur: Innovasie en Kommersialisering en die tersaaklike dekaan of VS-hoof van enige regstreekse of onregstreekse belang in enige entiteit wat aansoek doen om ’n lisensie of om US-IE te ontgin, of enige ander finansiële of niefinansiële voordeel of bevoordeling wat die personeellid (of enige ander gesinslid, verwant, persoonlike vriend of sakevennoot van die personeellid) trek of sou kon trek uit enige voorgenome reëling of handelings rakende US-IE, en wel voordat sodanige reëling of handelings aangegaan word. Sou ’n personeellid versuim om alle sodanige belange volledig te openbaar, sal dit as ’n ernstige verbreking van die persoon se dienskontrak beskou word en mag dit op strafmaatreëls of afdanking uitloop.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

US-personeel word normaalweg nie toegelaat om in 'n uitvoerende hoedanigheid of rol (wat dié van hoof- uitvoerende beampte insluit) by enige afwentelmaatskappy betrokke te wees nie. Enige sodanige betrokkenheid verg dat die personeellid die nodige goedkeuring bekom om privaat werk te verrig soos in die US se Algemene Prosedure vir Privaat Werk bepaal. Daarby moet die goedkeuring van die tersaaklike dekaan of VS-hoof verkry word op grond van 'n omvattende verklaring van botsende belange. Indien geen sodanige goedkeuring vir 'n personeellid se voorgenome betrokkenheid by 'n afwentelonderneming verleen is nie en die personeellid wil nietemin sodanig betrokke raak, moet die persoon die permanente diens van die US verlaat ten einde dit te kan verwesenlik.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

# DEEL 6: VERDELING VAN INKOMSTE VERKRY UIT DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Die Innovus-KTO moet elke kommersiële IE-transaksie boekstaaf en die voordele en inkomste wat dit oplewer, aanteken. Tensy die US en Universiteitspersoneel of -studente skriftelik anders ooreengekom het onderling, word inkomste uit die kommersialisering van IE ooreenkomstig paragraaf 6.1 verdeel. Verdeling soos hier onder uiteengesit is van toepassing slegs op inkomste en voordele wat bekom word as vergoeding vir die US se verlening van regte in IE. Inkomste uit die verkoop of lisensiëring van US-handelsmerke is van hierdie bepalings uitgesluit. Inkomste, ekwiteit en ander voordele wat die US, of maatskappye waarmee die US 'n verbintenis het, ontvang as vergoeding vir die verkryging of verskaffing van fasiliteite, dienste of befondsing (hetsy in die vorm van investering óf lenings) aan enige persoon of entiteit is van verdeling ooreenkomstig hierdie BIE uitgesluit. Belangrik: Die toedelingsformules wat hier onder uiteengesit word, is van toepassing op inkomste vir die US uit IE voortspruitend uit navorsing wat aan die US verrig word. Navorsingstoekennings en ander monetêre óf niemonetêre bydraes wat gemaak word om sodanige navorsing te ondersteun, is egter hiervan uitgesluit. Die toedelingsformules geld eweneens nie ten opsigte van inkomste uit IE waaroor daar ingevolge hierdie beleid ooreengekom is dat dit alleenlik US-personeel en/of -studente sal toeval nie.

## 6.1 TOEDELING VAN INKOMSTE UIT DIE KOMMERSIALISERING VAN IE

Tensy die US en die betrokke Universiteitspersoneel(lede) of -student(e) skriftelik anders ooreengekom het onderling, en met behoud van paragraaf 6.2, word inkomste uit die kommersiële ontginning van IE wat deur personeel of studente geskep is maar wat in die US setel, toegedeel soos in hierdie paragraaf uiteengesit. Die inkomste wat sodanig verdeel moet word, sluit alle vorme van inkomste of voordele in wat uit die ontginning van sodanige IE ontstaan soos in die Wet op IE-regte omskryf; onder meer nieterugbetaalbare tantièmes, ekwiteit (aandeelhouding ingesluit), dividende, fooie en kommissie en ander betalings wat ontvang is, en die waarde van niemonetêre regte en voordele wat uit sodanige ontginning voortspruit. Skenkings is hiervan uitgesluit.

Verskeie IE-bydraers kan by die vestiging van US-IE betrokke wees. Inkomsteaandele wat ingevolge hierdie BIE aan sodanige IE-bydraers betaalbaar is, moet proporsioneel onder hulle verdeel word volgens hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE.

IE-bydraers moet, wanneer hulle die Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings invul, aandui wat hulle proporsionele bydrae tot die IE en hulle ooreenstemmende proporsionele aandeel in die inkomste wat soos hier onder verdeel moet word, is en daarmee akkoord gaan. Sou die bydraeverhouding op enige tydstip verander, en dus verskil van die verklaring in die Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings – hetsy weens vroeëre vergissing of die verdere ontwikkeling van die IE – moet skriftelik by die Innovus-KTO aansoek gedoen word om die veranderings in die relatiewe bydrae van elke IE-bydraer te bevestig. Die bydraers moet sodanige aansoek onderteken en by die Innovus-KTO indien op die tydstip wanneer die IE bekendgemaak word, en dit sal 'n bindende ooreenkoms tussen die IE-bydraers onderling daarstel. Sou 'n geskil tussen IE-bydraers oor hulle proporsionele bydraes ontstaan, kan van alle bydraers vereis word om, op skriftelike versoek, skriftelike vertoë aan die Direkteur: Tegnologieoordrag oor sodanige geskil te rig. Die Direkteur se beslissing hieroor is finaal en bindend op alle IE-bydraers.

Sou IE voortgeset ontwikkel word (bv. sagteware), kan 'n bygewerkte Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings oor inkomsteverdeling by die Innovus-KTO ingedien word ten opsigte van elke wesenlik veranderde of verbeterde weergawe van die IE waarmee die voorneme is om dit te kommersialiseer. Die Innovus-KTO kan ook vereis dat, voordat enige kommersialiseringsgeleentheid rakende IE benut word, alle IE-bydraers die Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings onderteken en by die Kantoor indien om die relatiewe bydraes en toedeling van inkomste finaal te bevestig. Die Innovus-KTO het die reg om alle inkomste wat aan IE-bydraers betaalbaar is, te verdeel


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

volgens die finale ooreenkoms wat die Kantoor ontvang het en wat alle IE-bydraers behoorlik finaal onderteken het. Dit is die IE-bydraers se verantwoordelikheid om te sorg dat sodanige vorm van ooreenkoms hulle onderskeie bydraes en proporsionele inkomstedeling akkuraat weerspieël. IE-bydraers moet ook oplet dat enige sodanige ooreenkoms rakende inkomstetoedeling mag verskil van die pro rata-verdeling wat die Wet op IE-regte voorskryf, en dat 'n ooreenkoms soos hier bo beskryf, afstanddoening daarstel van die eis om ooreenkomstig die Wet vergoed te word.

Hoewel inkomste wat aan IE-bydraers betaalbaar is, dikwels 'n aandeel in inkomste soos tantièmes of dividende behels, kan hulle ook ekwiteit hê of opneem (hetsy in hulle eie naam, via 'n trust of andersins) in 'n entiteit wat met die ontginning van die IE gemoeid is, soos 'n afwentelmaatskappy wat ingevolge Deel 5 van hierdie BIE gestig is. Tensy skriftelik anders ooreengekom, kan personeel of studente wat ekwiteit of ander belang in enige sodanige entiteit (d.w.s. aandeelhouding) het of ontvang, se aanspraak op 'n porsie van US-inkomste wat ingevolge hierdie BIE betaalbaar is, verminder word in verhouding tot die voordele wat die sodanige bydraers toeval uit hulle afsonderlike belang in die betrokke entiteit en doen hulle ingevolge die Wet op IE-regte afstand van die bedrae wat op dié wyse afgetrek word. Alle sodanige voordele wat IE-bydraers regstreeks toeval uit sodanige afsonderlike belange in die entiteit wat met die ontginning van die IE gemoeid is sal, vir die doeleindes van die berekenings ingevolge hierdie paragraaf 6.1, geag word alreeds aan hulle uitbetaal te wees as deel van hulle inkomsteaandele ingevolge hierdie BIE, en dus afgetrek word van betalings wat aan sodanige IE-bydraers ingevolge hierdie Beleid verskuldig is. Die US kan van IE-bydraers vereis om 'n Vorm vir Afstanddoening te onderteken waarin hulle instem tot 'n sekere vermindering en/of afstanddoening van voordele ingevolge hierdie BIE voordat die US regte om die IE te ontgin verleen aan die afwentelmaatskappy waarin daardie IE-bydraers 'n belang het. Die US kan ook sodanige vermindering en/of afstanddoening toepas op alle deling in US-inkomste wat ingevolge hierdie BIE aan sodanige IE-bydraers betaalbaar mag wees rakende sulke IE.

Indien IE-bydraers 'n regstreekse belang het in 'n entiteit wat by die ontginning van IE betrokke is, kan die Innovus-KTO vereis dat hulle skriftelik daartoe instem tot 'n afwyking van hulle porsie van die inkomste ingevolge hierdie BIE, en kan die Kantoor 'n standaardvorm voorskryf vir 'n ooreenkoms wat daardie IE-bydraers moet onderteken en by Innovus: Tegnologieoordrag ingedien moet word voordat regte op die IE aan die tersaaklike entiteit verleen word. Indien individuele IE-bydraers met die Innovus-KTO ooreengekom het op 'n afwyking van hulle inkomsteaandele, sal die verskil geen ander IE-bydraer toeval of andersins hulle aanspreeklikheid beïnvloed nie; dit sal wel 'n uitwerking hê op die US se oorhoofse aanspreeklikheid om inkomste ingevolge hierdie BIE te verdeel.

Indien 'n niemonetêre reg of voordeel ontvang word as deel van die vergoeding vir die ontginning van IE, sal die US sodanige regte en winste aan die hand van internasionaal geldende waardasiebeginsels laat waardeer.

Buiten in soverre dit nie wettig toelaatbaar is nie, sluit die regstreekse koste wat vir doeleindes van inkomsteverdeling afgetrek moet word ("**Regstreekse Koste**") alle kontantbetalings, fooie en uitgawes in wat die US aangaan en aan onafhanklike derde partye betaal in verband met enige van die onderstaande aktiwiteite:

(i) indiening, vervolging, ontwikkeling en handhawing van enige statutêre IE-beskerming, buiten bedrae wat die US van enige derde party in hierdie verband verhaal;

(ii) ouditering, verhaling of invordering van inkomste – onder meer bankkoste, heffings en ander uitgawes van enige aard wat die US betaal om bedrae wat vir die kommersialisering van IE aan die instelling betaalbaar is, in te vorder, te ontvang of daaroor verslag te doen;

(iii) verdediging, bevestiging en afdwinging van IE in enige IE-kantoor, hof of tribunaal;


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

(iv) regsadvies en -dienste rakende bostaande aktiwiteite of uitreiking of oordrag van enige sekuriteite of ander vergoeding wat inkomste daarstel, of rakende enige voorgenome, dreigende of werklike litigasie wat die IE betref; en

(v) koste wat regstreeks aangegaan is in verband met marknavorsings-, sakeontwikkelings-, bemarkings-, advertensie-, reklame- of verkoopsaktiwiteite of -dienste, asook administratiewe uitgawes, ongeag of die US sulke koste aan 'n derde party betaal of intern aangegaan het,

Die fondse wat aan IE-bydraers se omgewing toegewys word, moet vir navorsingsdoeleindes aangewend word – vir geen individuele of persoonlike gewin nie. Die US bestuur sodanige toewysings streng volgens die Wet op IE-regte en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens rakende inkomste van daardie aard, en die US behou die reg voor om die stelsels en strukture in te stel wat in hierdie verband nodig mag wees.

**Eerstevlakinkomste: bruto inkomste tot en met R1 000 000 (een miljoen rand)**

**Stap 1:**

25% van die bruto inkomste word toegewys aan individuele US-personeel/-studente wat tot IE bygedra het, of aan hulle erfgename, in hulle persoonlike hoedanigheid. Sodanige toewysing word proporsioneel verdeel volgens hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE soos in die Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings bepaal, tensy skriftelik anders ooreengekom is (**"Eerstevlakbydraersporsie"**).

**Stap 2:**

Partye wat Regstreekse Koste in verband met die beskermings- en die kommersialiseringsproses, asook ander koste waaroor ooreengekom is dat dit verhaal kan word, aangegaan het, mag al daardie Regstreekse Koste van die bruto inkomste verhaal proporsioneel tot die bedrag kostes wat elke party aangegaan het voordat enige toewysing van die balans van die inkomste kan plaasvind.

**Stap 3**

Die balans van die inkomste (indien enige) nadat Stap 1 en Stap 2 hier bo uitgevoer is (hierna die **"Eerstevlak- Netto Inkomste"**) word soos volg toegewys:

- 50% van die Eerstevlak- Netto Inkomste aan die US se interne innovasiefonds; en
- 50% van die Eerstevlak- Netto Inkomste verder soos volg –
  - 30% van die Eerstevlak- Netto Inkomste aan die IE-bydraer(s) se US-navorsingsrekening(s) vir aanwending in hulle navorsingswerk, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE, totdat hulle diens aan die US beëindig word; daarna word dit toegewys aan die departement(e), instituut/institute, eenheid/-hede of sentrum(s) waaraan die uitvinder(s)/skepper(s)/outeur(s) verbonde was;
  - 10% van die Eerstevlak- Netto Inkomste aan die departement(e), instituut/institute, eenheid/-hede of sentrum(s) waaraan die IE-bydraer(s) verbonde is, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE; en
  - 10% van die Eerstevlak- Netto Inkomste aan die fakulteit(e) waaraan die bydraer(s) verbonde is, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE, en wat die dekaan in oorleg met die departementshoof moet administreer.

**Tweedevlakinkomste: bruto inkomste bo R1 000 000 (een miljoen rand)**


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

**Stap 1**

Partye wat Regstreekse Koste in verband met die beskermings- en die kommersialiseringsproses, asook ander koste waaroor ooreengekom is dat dit verhaal kan word, aangegaan het, kan al daardie Regstreekse Koste van die bruto inkomste verhaal proporsioneel tot die bedrag kostes wat elke party aangegaan het voordat enige toewysing van die balans van die inkomste kan plaasvind.

**Stap 2**

Die balans van die inkomste (indien enige) nadat Stap 1 hier bo uitgevoer is (hierna die **"Tweedevlak-Netto Inkomste"**), word soos volg toegewys:

- 35% van die Tweedevlak- Netto Inkomste aan die IE-bydraer(s) of hulle erfgename, in hulle persoonlike hoedanigheid. Sodanige toewysing word proporsioneel verdeel volgens hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE soos in die Vorm vir die Openbaarmaking van Uitvindings bepaal, tensy skriftelik anders ooreengekom is (**"Tweedevlakbydraersporsie"**).

- 35% van die Tweedevlak- Netto inkomste word aan die US se interne innovasiefonds toegewys.

- 30% van die Tweedevlak- Netto inkomste word soos volg toegewys:

  - 10% van die Tweedevlak- Netto Inkomste aan IE-bydraers se US-navorsingsrekening vir aanwending in hulle navorsingswerk, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE, totdat hulle diens aan die US beëindig word; daarna word dit toegewys aan die departemente, institute, eenhede of sentrums waaraan die uitvinders/skeppers/outeurs verbonde was;
  - 10% van die Tweedevlak- Netto Inkomste aan die departemente, institute, eenhede of sentrums waaraan IE-bydraers verbonde is, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE; en
  - 10% van die Tweedevlak- Netto Inkomste aan die fakulteite waaraan bydraers verbonde is, proporsioneel tot hulle bydrae tot die skepping en/of ontwikkeling van die IE, en wat die betrokke dekaan in oorleg met die departementshoof moet administreer.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

**VOORBEELDE VAN INKOMSTEVERDELING**

Gestel twee IE-bydraers, A en B, het elk 50% tot die ontwikkeling van IE bygedra. Elke bydraer is dan geregtig op 50% van die Eerstevlak- en die Tweedevlakbydraersporsie soos hier bo omskryf.

- Aangesien die Eerstevlakbydraersporsie 25% van die Eerstevlak- Netto Inkomste is, beteken dit dat A en B elk op 12,5% daarvan geregtig is.

- Aangesien die Tweedevlakbydraersporsie 35% van die Tweedevlak- Netto Inkomste is, beteken dit dat A en B elk op 17,5% daarvan geregtig is.

As A sou verkies om ekwiteit op te neem in die entiteit wat deur die US gemagtig is om die IE te kommersialiseer, word A se aanspraak op 'n porsie van die Eerste- en die Tweedevlakbydraersporsie verminder volgens die voordele wat A regstreeks toeval deurdat A sodanige ekwiteit het; tensy anders ooreengekom is. Hierdie keuse van A sal geen uitwerking op IE-bydraer B hê nie.

Om die verdere bedrae te bereken wat volgens hierdie BIE aan A betaalbaar is, word alle voordele wat A regstreeks uit sodanige ekwiteit toeval (ook dividende daarop en die verkoop daarvan) geag betalings te wees wat alreeds aan A gemaak is as deel van die Eerste- en die Tweedevlakbydraersporsie.

Gevolglik sal die volgende dan geld, tensy A skriftelik anders met die US ooreengekom het*:

- IE-bydraer B (wat geen ekwiteit ontvang het nie) bly geregtig op die betaling van 12,5% van die Eerstevlak- Netto Inkomste en 17,5% van die Tweedevlak- Netto Inkomste (hetsy uit dividende of die verkoop van aandele of tantièmes).

- IE-bydraer A (wat ekwiteit geneem het) is op verdere betalings geregtig slegs as en in soverre A se regte op 12,5% van die Eerstevlak- en 17,5% van die Tweedevlak- Netto Inkomste vanaf die US meer is as die voordele wat A reeds regstreeks toegeval het uit die ekwiteit wat A het (hetsy in die vorm van dividende op of die verkoop of moontlike verkoop van die ekwiteit). As die US die instelling se aandele verkoop, maar A verkoop nie ook nie, sal die waarde wat geag word A toe te geval het die waarde wees van A se onverkoopte aandele, bereken teen die verkoopprys van die US se aandele.

* Belangrik: As 'n IE-bydraer 'n Vorm van Afstanddoening onderteken waarin die persoon met die US ooreenkom op 'n sekere vermindering en/of afstanddoening van voordele ingevolge hierdie BIE, kan die US sodanige vermindering/afstanddoening steeds toepas.

## 6.2 TOEWYSING VAN INKOMSTE VERKRY UIT KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN IE IN GEVAL VAN MEDE-EIENAARSKAP

Waar die US en 'n eksterne organisasie mede-eienaars van IE is, word die opbrengs uit sulke IE aanvanklik tussen die US en sodanige mede-eienaar verdeel volgens 'n formule waarop die partye ooreengekom het. Daarna word die US se porsie ooreenkomstig paragraaf 6.1 toegedeel. Sou die IE setel in 'n personeellid of student wat die US nader om bystand met die ontginning daarvan, word daar ook vooraf oor die verdeling van inkomste tussen die partye ooreengekom. Inkomsteverdeling


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

word eweneens vooraf ooreengekom in gevalle waar die US 'n personeellid of student magtig om IE kommersieel te ontgin op 'n ander wyse as in vennootskap met die US.

### 6.3 MONETÊRE EN NIEMONETÊRE VOORDELE

Die US se uitgangspunt oor die kommersiële ontginning van IE is om, waar moontlik, monetêre voordele te bekom. Voordele neem gewoonlik die vorm van tantièmes en/of opbrengs uit aandeelhouding aan, wat verdeel word soos in hierdie Deel 6 van die BIE uiteengesit, tensy anders ooreengekom.

Indien 'n voordeel die vorm van 'n bate aanneem wat na die US se mening nie redelikerwys verdeel kan word nie (bv. toerusting), is die US daarop geregtig om sodanige bate in mede-eienaarskap met IE-bydraers te hou of om, op enige tydstip na die US se goeddunke, bydraers se onverdeelde aandeel/aandele in die bate te koop.

Die US het die uitsluitlike reg om oor die besitreg, gebruik en kommersiële ontginning van alle sodanige bates in mede-eienaarskap te beslis. Sou die US 'n bate waarvan die Universiteit mede-eienaar is verkoop, verhuur of andersins kommersieel ontgin, word die inkomste wat daaruit verdien word, verdeel volgens die toedelingsformules soos in hierdie Beleid uiteengesit.

Sou die US verkies om die onverdeelde aandeel van IE-bydraers in 'n bate waarvan die Universiteit mede-eienaar is te koop, moet die US probeer om met die bydraer(s) op die koopprys van die onverdeelde aandeel ooreen te kom. Sou die US nie daarin slaag binne 30 (dertig) dae nadat sodanige versoek om ooreenkoms gerig is nie, kan die US die onverdeelde aandeel deur onafhanklike ouditeurs laat waardeer, welke waardering finaal en bindend op die IE-bydraer(s) sal wees. Die ouditeurs sal die onverdeelde aandeel waardeer deur die monetêre waarde van die bate te bepaal en dan die verdelingsformules soos in hierdie BIE uiteengesit daarop toe te pas. Die US kan die onverdeelde aandele koop binne 60 (sestig) dae nadat daar op die waarde van die onverdeelde aandele ooreengekom is of die ouditeurs die US daarvan verwittig het. In geval van sodanige aankope van 'n onverdeelde aandeel word geen geld in die navorsingsrekening van die betrokke IE-bydraer(s) of aan die departemente, institute of fakulteite waar hulle gesetel is oorbetaal nie.

Indien ander duidelik omskrewe niemonetêre voordeel deel van die vergoeding vir IE-ontginning uitmaak, moet die US probeer om op regverdige en billike vergoeding aan IE-bydraers ooreen te kom voordat sodanige voordele ontvang word. Sou die US daarin misluk, kan die Universiteit die voordele deur onafhanklike ouditeurs laat waardeer, welke waardering finaal en bindend op die IE-bydraer(s) sal wees en wat die US dan kan gebruik as grondslag waarop IE-bydraer(s) vergoed word volgens die toewysingsformules soos in hierdie Beleid uiteengesit.

### 6.4 BETALINGS AAN IE-BYDRAERS

Die US wil IE-bydraers graag spoedig betaal nadat IE-verwante inkomste ontvang is, en word van regsweë verplig om dit binne 12 (twaalf) maande na ontvangs te doen. Die verantwoordelikheid berus by alle IE-bydraers om te sorg dat die US in besit van hulle jongste, akkurate bankbesonderhede is ten einde sodanige betalings te bespoedig. Alle betalings word deur middel van elektroniese oordrag in Suid-Afrikaanse rand en na Suid-Afrikaanse bankrekenings gemaak, tensy vooraf anders ooreengekom is. Die koste daarvan om sodanige betalings aan IE-bydraers uit te voer, is vir die rekening van die betrokke bydraers en sluit enige koste in wat aangegaan word om hulle op te spoor. Indien onakkurate of onvoldoende bankbesonderhede veroorsaak dat die US nie betaling kan maak nie, hou die US die tersaaklike bedrae in trust vir hoogstens 3 (drie) jaar. Daarna verbeur die betrokke IE-bydraer(s) al hulle regte op betaling en word die geld uit die trust verwyder. Indien die US 'n bedrag in die verkeerde rekening inbetaal omdat die inligting wat verskaf is, verouderd of verkeerd is, het die US geen verdere verpligting of aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige betaling nie en word daardie betaling geag stiptelik en behoorlik gemaak te wees.


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.

## BYLAE MET ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE

| Naam | Status | Eienaar |
|---|---|---|
| Beleid oor Kosteberekening en Prysvasstelling van Navorsings- en Navorsingsverwante Kontrakte | Goedgekeur | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies |
| Beleid oor die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur | Uitvoerende Bedryfshoof |
| Handelsmerkhandleiding | Goedkeuring afgewag | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake |
| Beleid oor die Aanbieding van Kortkursusse aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur | Uitvoerende Bedryfshoof |
| Algemene Kopieregriglyne ingevolge die bepalings van die US se Ooreenkoms vir 'n Algemene Lisensie | Bygewerk 2020 | Innovasie en Kommersialisering |
| Beleid oor Kontraknavorsing | Goedgekeur | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies |
| Beleid oor Konsultasiewerk | Goedkeuring afgewag | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies |
| Beleid oor Botsende Belange | Goedgekeur | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |


Kopiereg © 2022 Universiteit Stellenbosch. Alle regte voorbehou.